REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper* *As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

VOL. 400 CAPE TOWN, 2 OCTOBER 1998 KAAPSTAD, 2 OKTOBER 1998 No. 19320


## OFFICE OF THE PRESIDENT

No. 1245. 2 October 1998

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 76 of 1998: Employment of Educators Act, 1998.

## KANTOOR VAN DIE PRESIDENT

No. 1245. 2 Oktober 1998

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 76 van 1998: Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998.

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 30 September 1998.)*

# ACT

**To provide for the employment of educators by the State, for the regulation of the conditions of service, discipline, retirement and discharge of educators and for matters connected therewith.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

## ARRANGEMENT OF SECTIONS


| | Sections |
|---|---|
| **CHAPTER 1** | |
| Interpretation and application of Act | 1—3 |
| **CHAPTER 2** | |
| Conditions of service and educator establishments | 4—5 |
| **CHAPTER 3** | |
| Appointments, promotions and transfers | 6—9 |
| **CHAPTER 4** | |
| Termination of services | 10—15 |
| **CHAPTER 5** | |
| Incapacity and misconduct | 16—26 |
| **CHAPTER 6** | |
| South African Council for Educators | 27—32 |
| **CHAPTER 7** | |
| General | 27—33 |


## CHAPTER 1

## INTERPRETATION AND APPLICATION OF ACT

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

(i) "adult basic education centre" means any centre which is under the control of any provincial department of education and in which basic education programmes are presented to persons of or over the age of 16 years; (xiii)

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 30 September 1998.)*

# WET

**Om voorsiening te maak vir die indiensneming van opvoeders deur die Staat, vir die reëling van die diensvoorwaardes, dissipline, aftrede en ontslag van opvoeders en vir aangeleenthede wat daarmee in verband staan.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

## INDELING VAN ARTIKELS

*Artikels*

**HOOFSTUK 1**

Uitleg en toepassing van Wet 1—3

**HOOFSTUK 2**

Diensvoorwaardes en diensstate van opvoeders 4—5

**HOOFSTUK 3**

Aanstellings, bevorderings en oorplasings 6—9

**HOOFSTUK 4**

Diensbeëindiging 10—15

**HOOFSTUK 5**

Onbekwaamheid en wangedrag 16—26

**HOOFSTUK 6**

Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders 27—32

**HOOFSTUK 7**

Algemeen 27—33

## HOOFSTUK 1

## UITLEG EN TOEPASSING VAN WET

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "departementele kantoor" 'n kantoor of instelling wat deur die Departement van Onderwys of 'n provinsiale departement van onderwys beheer of geadministreer word, maar nie ook 'n openbare skool, inrigting vir verdere onderwys en opleiding of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes nie;

(ii)

(ii) "departmental office" means any office or institution controlled or administered by the Department of Education or any provincial department of education, but does not include any public school, further education and training institution or adult basic education centre; (i)

(iii) "Department of Education" means the department established in terms of section 7(2) read with Schedule 1 of the Public Service Act, 1994 (Proclamation 103 of 1994), responsible for education at national level; (iii)

(iv) "Director-General" means the Director-General: Education; (iv)

(v) "educator" means any person who teaches, educates or trains other persons or who provides professional educational services, including professional therapy and education psychological services, at any public school, further education and training institution, departmental office or adult basic education centre and who is appointed in a post on any educator establishment under this Act; (x)

(vi) "employer", in relation to any provision of Chapter 4, 5 or 7 which applies to, or is connected with —

*(a)* an educator in the service of the Department of Education, means the Director-General;

*(b)* an educator in the service of a provincial department of education, means the Head of Department; (xvi)

(vii) "further education and training institution" means a further education and training institution as defined in section 1 of the Further Education and Training Act, 1998, but does not include any private further education and training institution; (vi)

(viii) "Head of Department", in relation to a provincial department of education, means the head of the provincial department of education; (ii)

(ix) "Labour Relations Act" means the Labour Relations Act, 1995 (Act No. 66 of 1995); (xvii)

(x) "Member of the Executive Council" means the member of the Executive Council of a province responsible for the education portfolio of that province; (vii)

(xi) "Minister" means the Minister of Education; (viii)

(xii) "prescribed" means prescribed by regulation; (xv)

(xiii) "provincial department of education" means a department responsible for education in a province and includes all public schools, further education and training institutions, departmental offices and basic adult education centres in such province; (xi)

(xiv) "public school" means a public school as defined in section 1 of the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996); (ix)

(xv) "regulation" means a regulation made under section 35; (xii)

(xvi) "this Act" includes a regulation; (v)

(xvii) "trade union" means any trade union which is a member of the Education Labour Relations Council. (xiv)

**Application of Act**

**2.** The provisions of this Act shall apply in respect of the employment of educators at—

*(a)* public schools;

*(b)* further education and training institutions;

*(c)* departmental offices; and

*(d)* adult basic education centres.

**Employers of educators and other persons**

**3.** (1) Save as is otherwise provided in this section—

*(a)* the Director-General shall be the employer of educators in the service of the Department of Education in posts on the educator establishment of the said Department for all purposes of employment; and

*(b)* the Head of Department shall be the employer of educators in the service of the provincial department of education in posts on the educator establishment of that department for all purposes of employment.

(2) For the purposes of determining the salaries and other conditions of service of educators, the Minister shall be the employer of all educators.

(ii) "Departementshoof", met betrekking tot 'n provinsiale departement van onderwys, die hoof van die provinsiale departement van onderwys; (vii)

(iii) "Departement van Onderwys" die departement ingestel ingevolge artikel 7(2) saamgelees met Bylae 1 by die Staatsdienswet, 1994 (Proklamasie 103 van 1994), verantwoordelik vir onderwys op nasionale vlak; (iii)

(iv) "Direkteur-generaal" die Direkteur-generaal: Onderwys; (iv)

(v) "hierdie Wet" ook 'n regulasie; (xvi)

(vi) "inrigting vir verdere onderwys en opleiding" 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding soos omskryf in artikel 1 van die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998, maar nie ook 'n private inrigting vir verdere onderwys en opleiding nie; (vii)

(vii) "Lid van die Uitvoerende Raad" die lid van die Uitvoerende Raad van 'n provinsie verantwoordelik vir die onderwysportefeulje van daardie provinsie; (x)

(viii) "Minister" die Minister van Onderwys; (xi)

(ix) "openbare skool" 'n openbare skool soos in artikel 1 van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), omskryf; (xiv)

(x) "opvoeder" 'n persoon wat ander persone leer, opvoed of oplei of wat professionele opvoedkundige dienste, met inbegrip van professionele terapie en onderwyssielkundige dienste, by 'n openbare skool, inrigting vir verdere onderwys en opleiding, departementele kantoor of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes verskaf en wat aangestel is in 'n pos op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet; (v)

(xi) "provinsiale departement van onderwys" 'n departement verantwoordelik vir onderwys in 'n provinsie en sluit alle openbare skole, inrigtings vir verdere onderwys en opleiding, departementele kantore en sentrums vir basiese onderwys vir volwassenes in daardie provinsie in; (xiii)

(xii) "regulasie" 'n regulasie kragtens artikel 35 uitgevaardig; (xv)

(xiii) "sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes" 'n sentrum wat onder die beheer van 'n provinsiale departement van onderwys is en waarin basiese onderwysprogramme aangebied word aan persone wat 16 jaar of ouer is; (i)

(xiv) "vakbond" 'n vakbond wat 'n lid van die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys is; (xvii)

(xv) "voorgeskryf" by regulasie voorgeskryf; (xii)

(xvi) "werkgewer", met betrekking tot 'n bepaling van Hoofstuk 4, 5 of 7 wat van toepassing is op, of in verband staan met—

*(a)* 'n opvoeder in die diens van die Departement van Onderwys, die Direkteur-generaal;

*(b)* 'n opvoeder in die diens van 'n provinsiale departement van onderwys, die Departementshoof; (vi)

(xvii) "Wet op Arbeidsverhoudinge" die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1995 (Wet No. 66 van 1995). (ix)

**Toepassing van Wet**

**2.** Die bepalings van hierdie Wet is van toepassing ten opsigte van die indiensneming van opvoeders by—

*(a)* openbare skole;

*(b)* inrigtings vir verdere onderwys en opleiding;

*(c)* departementele kantore; en

*(d)* sentrums vir basiese onderwys vir volwassenes.

**Werkgewers van opvoeders en ander persone**

**3.** (1) Behalwe vir sover hierdie artikel anders bepaal—

*(a)* is die Direkteur-generaal die werkgewer van opvoeders in die diens van die Departement van Onderwys in poste op die diensstaat van opvoeders van genoemde Departement vir alle doeleindes van indiensneming; en

*(b)* is die Departementshoof die werkgewer van opvoeders in die diens van die provinsiale departement van onderwys in poste op die diensstaat van opvoeders van daardie departement vir alle doeleindes van indiensneming.

(2) Vir die doeleindes van die bepaling van die salarisse en ander diensvoorwaardes van opvoeders is die Minister die werkgewer van alle opvoeders.

(3) For the purposes of creating posts—

*(a)* on the educator establishment of the Department of Education, the Minister shall be the employer of educators in the service of the said Department; and

*(b)* on the educator establishment of a provincial department of education, the Member of the Executive Council shall be the employer of educators in the service of that department.

(4) A public school shall be the employer of persons in the service of the said school as contemplated in section 20(4) or (5) of the South African Schools Act, 1996 (Act No. 84 of 1996).

(5) A further education and training institution shall be the employer of persons in the service of the said institution as contemplated in section 14(2) or (3) of the Further Education and Training Act, 1998.

## CHAPTER 2

## CONDITIONS OF SERVICE AND EDUCATOR ESTABLISHMENTS

### Salaries and other conditions of service of educators

**4.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the provisions of this section, the Labour Relations Act or any collective agreement concluded by the Education Labour Relations Council, the Minister shall determine the salaries and other conditions of service of educators.

(2) Different salaries and conditions of service may be so determined in respect of different ranks and grades of educators, educators appointed at or outside educational institutions or educators appointed in different sectors of education.

(3) A determination of the Minister under this section involving expenditure from the National Revenue Fund may only be made with the concurrence of the Minister of Finance.

### Educator establishments

**5.** (1) Notwithstanding anything to the contrary contained in any law but subject to the norms prescribed for the provisioning of posts—

*(a)* the educator establishment of the Department of Education shall consist of the posts created by the Minister; and

*(b)* the educator establishment of a provincial department of education shall consist of the posts created by the Member of the Executive Council.

(2) The educator establishment of any public school, further education and training institution, departmental office or adult basic education centre under the control of a provincial department of education shall, subject to the norms prescribed for the provisioning of posts, consist of the posts allocated to the said school, institution, office or centre by the Head of Department from the educator establishment of that department.

(3) For the purposes of this Act—

*(a)* the power to create a post under this section shall include the power to grade, to regrade, to designate, to redesignate, to convert or to abolish the post; and

*(b)* the power to allocate a post under this section shall include the power to reallocate the post.

## CHAPTER 3

## APPOINTMENTS, PROMOTIONS AND TRANSFERS

### Powers of employers

**6.** (1) Subject to the provisions of this section, the appointment of any person, or the promotion or transfer of any educator—

*(a)* in the service of the Department of Education shall be made by the Director-General; or

(3) Vir die doeleindes van die skepping van poste—

*(a)* op die diensstaat van opvoeders van die Departement van Onderwys is die Minister die werkgewer van opvoeders in die diens van genoemde Departement; en

*(b)* op die diensstaat van opvoeders van 'n provinsiale departement van onderwys is die Lid van die Uitvoerende Raad die werkgewer van opvoeders in die diens van daardie departement.

(4) 'n Openbare skool is die werkgewer van persone in die diens van bedoelde skool soos in artikel 20(4) of (5) van die Suid-Afrikaanse Skolewet, 1996 (Wet No. 84 van 1996), beoog.

(5) 'n Inrigting vir verdere onderwys en opleiding is die werkgewer van persone in die diens van bedoelde inrigting soos in artikel 14(2) of (3) van die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998, beoog.

## HOOFSTUK 2

## DIENSVOORWAARDES EN DIENSSTATE VAN OPVOEDERS

### Salarisse en ander diensvoorwaardes van opvoeders

**4.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die bepalings van hierdie artikel, die Wet op Arbeidsverhoudinge of 'n kollektiewe ooreenkoms wat deur die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gesluit is, moet die Minister die salarisse en ander diensvoorwaardes van opvoeders bepaal.

(2) Verskillende salarisse en diensvoorwaardes kan aldus bepaal word ten opsigte van verskillende range en grade opvoeders, opvoeders aangestel by of buite onderwysinstellings of opvoeders aangestel in verskillende sektore van onderwys.

(3) 'n Bepaling van die Minister kragtens hierdie artikel wat uitgawes uit die Nasionale Inkomstefonds meebring, mag slegs met die instemming van die Minister van Finansies gemaak word.

### Diensstate van opvoeders

**5.** (1) Ondanks andersluidende wetsbepalings maar behoudens die norme wat vir die voorsiening van poste voorgeskryf word—

*(a)* bestaan die diensstaat van opvoeders van die Departement van Onderwys uit die poste wat deur die Minister geskep is; en

*(b)* bestaan die diensstaat van opvoeders van 'n provinsiale departement van onderwys uit die poste wat deur die Lid van die Uitvoerende Raad geskep is.

(2) Die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool, inrigting vir verdere onderwys en opleiding, departementele kantoor of sentrum vir basiese onderwys vir volwassenes onder die beheer van 'n provinsiale departement van onderwys bestaan, behoudens die norme wat vir die voorsiening van poste voorgeskryf word, uit die poste wat deur die Departementshoof aan bedoelde skool, inrigting, kantoor of sentrum vanuit die diensstaat van opvoeders van daardie departement toegewys is.

(3) By die toepassing van hierdie Wet—

*(a)* sluit die bevoegdheid om 'n pos kragtens hierdie artikel te skep die bevoegdheid in om die pos te gradeer, te hergradeer, te benoem, te herbenoem, te omskep of af te skaf; en

*(b)* sluit die bevoegdheid om 'n pos kragtens hierdie artikel toe te wys die bevoegdheid in om die pos her toe te wys.

## HOOFSTUK 3

## AANSTELLINGS, BEVORDERINGS EN OORPLASINGS

### Bevoegdhede van werkgewers

**6.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel moet die aanstelling van 'n persoon, of die bevordering of oorplasing van 'n opvoeder—

*(a)* in die diens van die Departement van Onderwys deur die Direkteur-generaal gedoen word; of

(b) in the service of a provincial department of education shall be made by the Head of Department.

(2) Subject to the provisions of this Chapter, the Labour Relations Act or any collective agreement concluded by the Education Labour Relations Council, appointments in, and promotions or transfers to, posts on any educator establishment under this Act shall be made in accordance with such procedure and such requirements as the Minister may determine.

(3) *(a)* Any appointment, promotion or transfer to any post on the educator establishment of a public school or a further education and training institution, may only be made on the recommendation of the governing body of the public school or the council of the further education and training institution, as the case may be, and, if there are educators in the provincial department of education concerned who are in excess of the educator establishment of a public school or further education and training institution due to operational requirements, that recommendation may only be made from candidates identified by the Head of Department, who are so in excess and suitable for the post concerned.

*(b)* The Head of Department may only decline the recommendation of the governing body of the public school or the council of the further education and training institution, if—

(i) any procedure collectively agreed upon or determined by the Minister for the appointment, promotion or transfer has not been followed;
(ii) the candidate does not comply with any requirement collectively agreed upon or determined by the Minister for the appointment, promotion or transfer;
(iii) the candidate is not registered, or does not qualify for registration, as an educator with the South African Council for Educators;
(iv) sufficient proof exists that the recommendation of the said governing body or council, as the case may be, was based on undue influence; or
(v) the recommendation of the said governing body or council, as the case may be, did not have regard to the democratic values and principles referred to in section 7(1).

*(c)* If the Head of Department declines a recommendation in terms of paragraph *(b)*, the governing body or council concerned shall make another recommendation in accordance with paragraph *(a)*, for consideration by the Head of Department.

**Appointments and filling of posts**

**7.** (1) In the making of any appointment or the filling of any post on any educator establishment under this Act due regard shall be had to equality, equity and the other democratic values and principles which are contemplated in section 195(1) of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996), and which include the following factors, namely—

*(a)* the ability of the candidate; and
*(b)* the need to redress the imbalances of the past in order to achieve broad representation.

(2) A person may be appointed under this Chapter—

*(a)* in a permanent capacity, whether on probation or not;
*(b)* in a temporary capacity for a fixed period, whether in a full-time, in a part-time or in a shared capacity; or
*(c)* on special contract for a fixed period or for a particular assignment, whether in a full-time or in a part-time capacity.

**Transfer of educators**

**8.** (1) Subject to the provisions of this Chapter—

*(a)* the Director-General or the Head of Department may transfer any educator in the service of the relevant department to any post or position in any other department of State with the prior approval of the person in that other department of State having the power to appoint or to transfer and with the consent of that educator; and
*(b)* the Director-General may transfer any educator in the service of the Department of Education to any other post in the Department; and

*(b)* in die diens van 'n provinsiale departement van onderwys deur die Departementshoof gedoen word.

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk, die Wet op Arbeidsverhoudinge of 'n kollektiewe ooreenkoms wat deur die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gesluit is, moet aanstellings in, en bevorderings of oorplasings na, poste op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet gedoen word ooreenkomstig die prosedure en die vereistes wat die Minister bepaal.

(3) *(a)* 'n Aanstelling in, of 'n bevordering of oorplasing na, 'n pos op die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool of 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding mag slegs op aanbeveling van die beheerliggaam van die openbare skool of die raad van die inrigting vir verdere onderwys en opleiding, na gelang van die geval, gedoen word en, indien daar opvoeders in die betrokke provinsiale departement van onderwys oortollig tot die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool of inrigting vir verdere onderwys en opleiding op grond van bedryfsvereistes is, kan daardie aanbeveling slegs van sodanige oortollige kandidate wat die Departementshoof identifiseer en wat geskik vir die betrokke pos is, gedoen word.

*(b)* Die Departementshoof mag slegs die aanbeveling van die beheerliggaam van die openbare skool of die raad van die inrigting vir verdere onderwys en opleiding van die hand wys, indien—

(i) 'n prosedure waarop kollektief ooreengekom is of wat deur die Minister bepaal is vir die aanstelling, bevordering of oorplasing nie gevolg is nie;

(ii) die kandidaat nie aan 'n vereiste waarop kollektief ooreengekom is of wat deur die Minister bepaal is vir die aanstelling, bevordering of oorplasing voldoen nie;

(iii) die kandidaat nie as 'n opvoeder by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is nie, of nie vir bedoelde registrasie kwalifiseer nie;

(iv) voldoende bewys bestaan dat die aanbeveling van bedoelde beheerliggaam of raad, na gelang van die geval, op onbehoorlike beïnvloeding berus; of

(v) die aanbeveling van bedoelde beheerliggaam of raad, na gelang van die geval, nie die demokratiese waardes en beginsels bedoel in artikel 7(1) in ag geneem het nie.

*(c)* Indien die Departementshoof 'n aanbeveling ingevolge paragraaf *(b)* van die hand wys, moet die betrokke beheerliggaam of raad 'n ander aanbeveling in ooreenstemming met paragraaf *(a)* vir oorweging deur die Departementshoof doen.

**Aanstellings en vul van poste**

**7.** (1) By die doen van 'n aanstelling of die vul van 'n pos op 'n diensstaat van opvoeders kragtens hierdie Wet moet gelykheid, billikheid en die ander demokratiese waardes en beginsels wat in artikel 195(1) van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996), beoog word en wat die volgende faktore insluit, behoorlik in ag geneem word, naamlik—

*(a)* die bekwaamheid van die kandidaat; en

*(b)* die behoefte om die wanbalanse van die verlede reg te stel ten einde breë verteenwoordiging te bewerkstellig.

(2) 'n Persoon kan kragtens hierdie Hoofstuk aangestel word—

*(a)* in 'n permanente hoedanigheid, hetsy op proef al dan nie;

*(b)* in 'n tydelike hoedanigheid vir 'n vasgestelde tydperk, hetsy in 'n heeltydse, in 'n deeltydse of in 'n gedeelde hoedanigheid; of

*(c)* op spesiale kontrak vir 'n vasgestelde tydperk of vir 'n besondere opdrag, hetsy in 'n heeltydse of in 'n deeltydse hoedanigheid.

**Oorplasing van opvoeders**

**8.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie Hoofstuk—

*(a)* kan die Direkteur-generaal of die Departementshoof 'n opvoeder in die diens van die betrokke departement oorplaas na 'n pos of betrekking in 'n ander Staatsdepartement met die voorafverkreë goedkeuring van die persoon in daardie ander Staatsdepartement wat die bevoegdheid het om aan te stel of oor te plaas en met die instemming van daardie opvoeder;

*(b)* kan die Direkteur-generaal 'n opvoeder in die diens van die Departement van Onderwys oorplaas na 'n ander pos in die Departement; en

(c) the Head of Department may transfer any educator in the service of the provincial department of education to any other post in that department.

(2) No transfer to any post on the educator establishment of a public school or a further education and training institution shall be made unless the recommendation of the governing body of the public school or the council of the further education and training institution, as the case may be, has been obtained.

(3) The salary and other conditions of service of an educator may not be adversely affected by a transfer under this section without the consent in writing of that educator, except in accordance with the provisions of Chapter 5.

**Secondment of educators**

**9.** (1) Any educator in the service of the Department of Education or any provincial department of education may with the consent in writing of that educator be placed at the disposal of—

*(a)* another department of education;
*(b)* another government;
*(c)* any council, institution or body established by or under any law; or
*(d)* any other body or person,

for a particular service or for a stated period on such conditions, in addition to the conditions prescribed by or under any law, as may be determined by the Director-General or the Head of Department, as the case may be.

(2) While so placed at such disposal, the educator shall remain subject to the provisions of this Act.

## CHAPTER 4

## TERMINATION OF SERVICES

**Retirement**

**10.** (1) *(a)* Subject to the provisions of this section, an educator shall have the right to retire, and shall be so retired, on the day on which the educator attains the age of 65 years.

*(b)* An educator who attains the said age after the first day of a month shall be deemed to have attained that age on the first day of the following month.

(2) Notwithstanding the provisions of subsection (1), an educator who was in employment immediately before 2 September 1994 in terms of a law repealed by the Educators' Employment Act, 1994 (promulgated under Proclamation No. 138 of 1994), shall have the right to retire on or after attaining the retirement age applicable to the educator immediately before the said date.

(3) *(a)* Notwithstanding the provisions of subsection (1) or (2), an educator shall have the right to retire on or after attaining the age of 55 years.

*(b)* Notwithstanding the absence of any reason for discharge in terms of section 11(1), the employer may, at the request of an educator, allow the educator to retire before attaining the age of 55 years, if the employer is of the opinion—

(i) that a sufficient reason exists therefor; and
(ii) that the retirement will be to the advantage of the State.

(4) Notwithstanding the provisions of this section, an educator—

*(a)* who was in employment immediately before 1 May 1996; and
*(b)* who, without interruption of service, has completed a period of ten years continuous pensionable service in terms of the pension law applicable to the educator; and
*(c)* who has attained the age of 50 years,

shall have the right to retire.

**Discharge of educators**

**11.** (1) The employer may, having due regard to the applicable provisions of the Labour Relations Act, discharge an educator from service—

*(a)* on account of continuous ill-health;

(c) kan die Departementshoof 'n opvoeder in die diens van die provinsiale departement van onderwys oorplaas na 'n ander pos in daardie departement.

(2) Geen oorplasing na 'n pos op die diensstaat van opvoeders van 'n openbare skool of 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding mag gedoen word nie tensy die aanbeveling van die beheerliggaam die openbare skool of die raad van die inrigting vir verdere onderwys en opleiding, na gelang van die geval, verkry is.

(3) Die salaris en ander diensvoorwaardes van 'n opvoeder mag nie sonder daardie opvoeder se skriftelike instemming nadelig geraak word deur 'n oorplasing kragtens hierdie artikel nie, behalwe in ooreenstemming met die bepalings van Hoofstuk 5.

**Beskikbaarstelling van opvoeders**

**9.** (1) 'n Opvoeder in die diens van die Departement van Onderwys of 'n provinsiale departement van onderwys kan met daardie opvoeder se skriftelike instemming ter beskikking gestel word van—

(a) 'n ander onderwysdepartement;

(b) 'n ander regering;

(c) 'n raad, instelling of liggaam wat by of kragtens die een of ander wet ingestel is; of

(d) 'n ander liggaam of persoon,

vir 'n besondere diens of vir 'n bepaalde tydperk op die voorwaardes, benewens die voorwaardes wat by of kragtens die een of ander wet voorgeskryf word, wat die Direkteur-generaal of die Departementshoof, na gelang van die geval, bepaal.

(2) Terwyl aldus ter beskikking gestel, bly die opvoeder onderworpe aan die bepalings van hierdie Wet.

## HOOFSTUK 4

## DIENSBEËINDIGING

**Aftrede**

**10.** (1) (a) Behoudens die bepalings van hierdie artikel het 'n opvoeder die reg om af te tree, en word die opvoeder aldus verplig om af te tree, op die dag waarop die opvoeder die ouderdom van 65 jaar bereik.

(b) 'n Opvoeder wat bedoelde ouderdom na die eerste dag van 'n maand bereik, word geag daardie ouderdom op die eerste dag van die eersvolgende maand te bereik het.

(2) Ondanks die bepalings van subartikel (1) het 'n opvoeder wat onmiddellik voor 2 September 1994 ingevolge 'n wet herroep deur die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994 (afgekondig by Proklamasie No. 138 van 1994), in diens was die reg om af te tree op of na bereiking van die aftree-ouderdom wat onmiddellik voor bedoelde datum op die opvoeder van toepassing was.

(3) (a) Ondanks die bepalings van subartikel (1) of (2) het 'n opvoeder die reg om af te tree op of na bereiking van die ouderdom van 55 jaar.

(b) Ondanks die afwesigheid van enige rede vir ontslag ingevolge artikel 11(1) kan die werkgewer, op versoek van 'n opvoeder, die opvoeder toelaat om voor bereiking van die ouderdom van 55 jaar af te tree, indien die werkgewer van oordeel is—

(i) dat daar 'n voldoende rede daarvoor bestaan; en

(ii) dat die aftrede tot voordeel van die Staat sal strek.

(4) Ondanks die bepalings van hierdie artikel het 'n opvoeder—

(a) wat onmiddellik voor 1 Mei 1996 in diens was; en

(b) wat 'n tydperk van tien jaar aaneenlopende pensioengewende diens voltooi het ingevolge die pensioenwet wat op die opvoeder van toepassing is; en

(c) wat die ouderdom van 50 jaar bereik het,

die reg om af te tree.

**Ontslag van opvoeders**

**11.** (1) Die werkgewer kan, met behoorlike inagneming van die toepaslike bepalings van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 'n opvoeder uit diens ontslaan—

(a) weens voortdurende swak gesondheid;

(b) on account of the abolition of the educator's post or any reduction in, or reorganisation or readjustment of the post establishments of, departments, schools, institutions, offices or centres;
(c) if, for reasons other than the educator's own unfitness or incapacity, the educator's discharge will promote efficiency or economy in the department, school, institution, office or centre in which the educator is employed, or will otherwise be in the interest of the State;
(d) on account of unfitness for the duties attached to the educator's post or incapacity to carry out those duties efficiently;
(e) on account of misconduct;
(f) if the educator was appointed in the post in question on the grounds of a misrepresentation made by the educator relating to any condition of appointment; and
(g) if, in the case of an educator appointed on probation, the educator's appointment is not confirmed.

(2) If an educator is discharged from service under paragraph *(f)* of subsection (1), that educator shall be deemed to have been discharged on account of misconduct.

**Discharge on account of ill-health**

**12.** (1) *(a)* Whenever there are reasonable grounds for believing that an educator is incapable of carrying out the duties attached to the educator's post on account of continuous ill-health, the employer may appoint a team of examiners of at least two medical practitioners to examine the educator at the State's expense and to report on the educator's state of health.

*(b)* An educator is entitled to nominate any other medical practitioner of the educator's choice and at the educator's own expense as a member of the team of examiners.

*(c)* The record of any medical examination performed in terms of this Act must be kept confidential and may be made available only—
(i) in accordance with the ethics of medical practice;
(ii) if required by law or court order; or
(iii) if the employee has consented in writing to the release of that information.

(2) If an educator refuses or fails to be subjected to an examination under this section when requested to do so by the employer, the educator may be discharged from service, in which case the educator shall be deemed to have been discharged on account of misconduct.

(3) If an educator applies for a discharge from service on account of continuous ill-health, the provisions of subsection (1) shall apply, with the necessary changes, to such application.

**Discharge of educators appointed on probation**

**13.** (1) If it is not desirable to confirm the appointment, transfer or promotion of an educator on probation, the employer may, notwithstanding anything to the contrary contained in this Act but subject to this section—
(a) extend the period of probation of the educator; or
(b) after reasonable notice to the educator, discharge the educator from service upon the expiry of the period of probation or any extension thereof.

(2) No appointment, transfer or promotion on probation may be extended, and no educator who is serving on probation may be discharged from service, if—
(a) the educator has been diligent;
(b) the educator's conduct has been uniformly satisfactory;
(c) the educator is in all respects suitable for the post which the educator holds; and
(d) the educator has complied with all the conditions applicable to the educator's appointment, transfer or promotion.

(3) An educator whose transfer or promotion on probation is not confirmed and who immediately before such transfer or promotion was an educator, other than an educator on probation, shall be transferred to the post formerly held by that educator, or to a post of equivalent grading.

(b) weens die afskaffing van die opvoeder se pos of 'n vermindering of reorganisasie of herreëling van die diensstate van departemente, skole, inrigtings, kantore of sentrums;

(c) indien, om ander redes as die opvoeder se eie ongeskiktheid of onvermoë, die opvoeder se ontslag doeltreffendheid of besuiniging sal bevorder in die departement, skool, inrigting, kantoor of sentrum waarin die opvoeder in diens is, of andersins in belang van die Staat sal wees;

(d) weens ongeskiktheid vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of onvermoë om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer;

(e) weens wangedrag;

(f) indien die opvoeder in die betrokke pos aangestel is op grond van 'n wanvoorstelling wat die opvoeder met betrekking tot die een of ander voorwaarde vir aanstelling gemaak het; en

(g) indien, in die geval van 'n opvoeder wat op proef aangestel is, die opvoeder se aanstelling nie bekragtig word nie.

(2) Indien 'n opvoeder kragtens paragraaf *(f)* van subartikel (1) uit diens ontslaan word, word daardie opvoeder geag weens wangedrag ontslaan te wees.

**Ontslag weens swak gesondheid**

**12.** (1) *(a)* Wanneer daar redelike gronde bestaan om te vermoed dat 'n opvoeder weens voortdurende swak gesondheid nie in staat is om die pligte verbonde aan die opvoeder se pos uit te voer nie, kan die werkgewer 'n ondersoekspan van minstens twee geneeshere aanstel om die opvoeder op Staatskoste te ondersoek en verslag oor die opvoeder se gesondheidstoestand te doen.

*(b)* 'n Opvoeder is geregtig om 'n ander geneesheer van die opvoeder se keuse en op die opvoeder se eie koste as lid van die ondersoekspan te benoem.

*(c)* Die verslag van enige mediese ondersoek ingevolge hierdie Wet gedoen, moet vertroulik gehou word en mag slegs beskikbaar gestel word—

(i) in ooreenstemming met die etiek van die mediese praktyk;

(ii) indien dit deur 'n wet of hofbevel vereis word; of

(iii) indien die werknemer skriftelik tot die bekendmaking van daardie inligting toegestem het.

(2) Indien 'n opvoeder weier of versuim om 'n ondersoek kragtens hierdie artikel te ondergaan wanneer die opvoeder deur die werkgewer daartoe versoek word, kan die opvoeder uit diens ontslaan word, in watter geval die opvoeder geag word weens wangedrag ontslaan te wees.

(3) Indien 'n opvoeder aansoek doen om 'n ontslag uit diens weens voortdurende swak gesondheid, is die bepalings van subartikel (1), met die nodige veranderinge, op so 'n aansoek van toepassing.

**Ontslag van opvoeders wat op proef aangestel is**

**13.** (1) Indien dit nie wenslik is om die aanstelling, oorplasing of bevordering van 'n opvoeder op proef te bekragtig nie, kan die werkgewer, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet maar behoudens hierdie artikel—

(a) die proeftydperk van die opvoeder verleng; of

(b) na redelike kennis aan die opvoeder, die opvoeder uit diens ontslaan na verstryking van die proeftydperk of enige verlenging daarvan.

(2) Geen aanstelling, oorplasing of bevordering op proef mag verleng word nie, en geen opvoeder wat diens op proef doen, mag uit diens ontslaan word nie, indien—

(a) die opvoeder ywerig was;

(b) die opvoeder se gedrag deurgaans bevredigend was;

(c) die opvoeder in alle opsigte geskik is vir die pos wat die opvoeder beklee; en

(d) die opvoeder voldoen het aan al die voorwaardes wat op die opvoeder se aanstelling, oorplasing of bevordering van toepassing is.

(3) 'n Opvoeder wie se oorplasing of bevordering of proef nie bekragtig word nie en wat onmiddellik voor sodanige oorplasing of bevordering 'n opvoeder was, uitgesonderd 'n opvoeder op proef, moet oorgeplaas word na die pos wat daardie opvoeder voorheen beklee het, of na 'n pos van gelyke gradering.

**Certain educators deemed to be discharged**

**14.** (1) An educator appointed in a permanent capacity who—

*(a)* is absent from work for a period exceeding 14 consecutive days without permission of the employer;

*(b)* while the educator is absent from work without permission of the employer, assumes employment in another position;

*(c)* while suspended from duty, resigns or without permission of the employer assumes employment in another position; or

*(d)* while disciplinary steps taken against the educator have not yet been disposed of, resigns or without permission of the employer assumes employment in another position,

shall, unless the employer directs otherwise, be deemed to have been discharged from service on account of misconduct, in the circumstances where—

(i) paragraph *(a)* or *(b)* is applicable, with effect from the day following immediately after the last day on which the educator was present at work; or

(ii) paragraph *(c)* or *(d)* is applicable, with effect from the day on which the educator resigns or assumes employment in another position, as the case may be.

(2) If an educator who is deemed to have been discharged under paragraph *(a)* or *(b)* of subsection (1) at any time reports for duty, the employer may, on good cause shown and notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, approve the reinstatement of the educator in the educator's former post or in any other post on such conditions relating to the period of the educator's absence from duty or otherwise as the employer may determine.

**Resignations**

**15.** (1) An educator may resign by giving 90 days' notice in writing or such shorter notice as the employer may approve at the request of the educator.

(2) If the name of an educator is struck off the register of educators kept by the South African Council for Educators, the educator shall, notwithstanding anything to the contrary contained in this Act, be deemed to have resigned with effect from the day following immediately after the day on which the educator's name was so struck off.

## CHAPTER 5

## INCAPACITY AND MISCONDUCT

**Incapable educators**

**16.** (1) If it is alleged that an educator is unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently, the employer may appoint in writing a person to inquire into the relevant allegations.

(2) The person who is to conduct the inquiry shall, in consultation with the employer, determine the time and place of the inquiry, and the employer shall give the educator concerned reasonable notice in writing of the time and place so determined and furnish that educator with a statement in writing setting out the grounds on which the educator is alleged to be unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently.

(3) The employer may authorise any person—

*(a)* to attend the inquiry;

*(b)* to adduce evidence and arguments in support of the allegations contemplated in subsection (2); and

*(c)* to cross-examine any person who has given evidence in rebuttal of the said allegations.

(4) At the inquiry the educator concerned shall have the right to be present, to be assisted or represented by another person, to give evidence and, either personally or through a representative—

*(a)* to be heard;

*(b)* to call witnesses;

**Sekere opvoeders geag ontslaan te wees**

**14.** (1) 'n Opvoeder in 'n permanente hoedanigheid aangestel wat—

*(a)* sonder toestemming van die werkgewer vir 'n tydperk van meer as 14 opeenvolgende dae van die werk afwesig is;

*(b)* terwyl die opvoeder sonder toestemming van die werkgewer van die werk afwesig is, diens in 'n ander betrekking aanvaar;

*(c)* terwyl die opvoeder in diens geskors is, bedank of sonder toestemming van die werkgewer diens in 'n ander betrekking aanvaar; of

*(d)* terwyl dissiplinêre stappe wat teen die opvoeder gedoen word nog nie afgehandel is nie, bedank of sonder toestemming van die werkgewer diens in 'n ander betrekking aanvaar,

word, tensy die werkgewer anders gelas, geag weens wangedrag uit diens ontslaan te wees, in die omstandighede waar—

(i) paragraaf *(a)* of *(b)* van toepassing is, met ingang van die dag wat onmiddellik volg op die laaste dag waarop die opvoeder by die werk teenwoordig was; of

(ii) paragraaf *(c)* of *(d)* van toepassing is, met ingang van die dag waarop die opvoeder bedank of diens in 'n ander betrekking aanvaar, na gelang van die geval.

(2) Indien 'n opvoeder wat geag word kragtens paragraaf *(a)* of *(b)* van subartikel (1) ontslaan te wees te eniger tyd vir diens aanmeld, kan die werkgewer, by aanvoering van gegronde redes en ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, goedkeur dat die opvoeder in diens herstel word in die opvoeder se vorige pos of in 'n ander pos op die voorwaardes wat die werkgewer met betrekking tot die tydperk van die opvoeder se afwesigheid van diens of andersins bepaal.

**Bedankings**

**15.** (1) 'n Opvoeder kan bedank deur 90 dae skriftelike kennis te gee of die korter kennisgewing wat die werkgewer op versoek van die opvoeder mag goedkeur.

(2) Indien die naam van 'n opvoeder geskrap word uit die register van opvoeders wat deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders gehou word, word die opvoeder, ondanks andersluidende bepalings van hierdie Wet, geag te bedank het met ingang van die dag wat onmiddellik volg op die dag waarop die opvoeder se naam aldus geskrap is.

## HOOFSTUK 5

## ONBEKWAAMHEID EN WANGEDRAG

**Onbekwame opvoeders**

**16.** (1) Indien daar beweer word dat 'n opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie, kan die werkgewer skriftelik 'n persoon aanstel om ondersoek na die betrokke bewerings in te stel.

(2) Die persoon wat die ondersoek moet hou, moet die tyd en plek van die ondersoek in oorleg met die werkgewer bepaal, en die werkgewer gee aan die betrokke opvoeder redelike skriftelike kennis van die tyd en plek aldus bepaal en verstrek aan daardie opvoeder 'n skriftelike uiteensetting van die gronde waarop beweer word dat die opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie.

(3) Die werkgewer kan 'n persoon magtig—

*(a)* om by die ondersoek teenwoordig te wees;

*(b)* om getuienis en argumente ter stawing van die bewerings beoog in subartikel (2) aan te voer; en

*(c)* om 'n persoon wat getuienis afgelê het om bedoelde bewerings te weerlê, onder kruisverhoor te neem.

(4) By die ondersoek het die betrokke opvoeder die reg om teenwoordig te wees, om deur 'n ander persoon bygestaan of verteenwoordig te word, om getuienis af te lê en om, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger—

*(a)* aangehoor te word;

*(b)* getuies op te roep;

(c) to cross-examine any person called as a witness in support of the allegations contemplated in subsection (2); and

(d) to have access to documents produced in evidence.

(5) The person conducting the inquiry shall keep a record of the proceedings at the inquiry and of all evidence given thereat.

(6) At the conclusion of the inquiry the person conducting the inquiry shall—

(a) find whether or not the educator concerned is unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently;

(b) inform the educator of the finding; and

(c) report to the employer on the result of the inquiry.

(7) If the person conducting the inquiry has found that the educator concerned is unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently, that educator may, within 14 days after the day on which the educator was informed of that finding, submit to the employer representations in writing regarding the steps which may be taken under subsection (8).

(8) *(a)* After having considered the documents relating to the inquiry and any representations submitted to the employer, the employer may—

(i) take no further steps in the matter;

(ii) transfer the educator concerned to another post for which the educator is suitable or direct that the educator be employed additional to the educator establishment;

(iii) reduce the educator's salary or grade or both the salary and the grade to such extent as the employer may determine;

(iv) take the steps contemplated in subparagraph (ii) as well as the steps contemplated in subparagraph (iii); or

(v) discharge the educator from service with effect from such date as the employer may determine.

*(b)* The employer shall as soon as possible inform the educator concerned in writing of the decision taken by the employer under paragraph *(a)* and of that educator's right of appeal in terms of subsection (9).

(9) *(a)* An educator shall have the right to appeal to the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, against the finding that the educator is unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently or against the decision of the employer, or against that finding as well as that decision, within 21 days after the day on which the educator was informed of that decision.

*(b)* If the educator notes an appeal in accordance with paragraph *(a)*, the decision of the employer shall not be implemented before the disposal of the appeal.

*(c)* The Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, may condone any late noting of an appeal upon good cause being shown.

(10) After having considered the documents relating to the appeal, the Minister or the Member of the Executive Council may—

(a) in the case of an appeal against the finding that the educator concerned is unfit for the duties attached to the educator's post or incapable of carrying out those duties efficiently—

(i) dismiss the appeal and confirm that finding; or

(ii) uphold the appeal wholly or in part and set aside or vary that finding;

(b) in the case of an appeal against the decision of the employer—

(i) dismiss the appeal and confirm that decision; or

(ii) uphold the appeal wholly or in part and set aside or vary that decision, or substitute for that decision such other decision as the employer, in the opinion of the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, ought to have taken.

(11) The Minister or the Member of the Executive Council shall cause the educator who noted an appeal and the employer to be informed in writing of the decision on the appeal.

**Misconduct**

**17.** (1) An educator shall be guilty of misconduct if the educator—

(*c*) 'n persoon wat as getuie opgeroep is ter stawing van die bewerings beoog in subartikel (2) onder kruisverhoor te neem; en
(*d*) insae te hê in stukke wat as getuienis oorgelê is.

(5) Die persoon wat die ondersoek hou, moet notule hou van die verrigtinge by die ondersoek en van alle getuienis wat aldaar afgelê word.

(6) Aan die einde van die ondersoek moet die persoon wat die ondersoek hou—
(*a*) bevind of die betrokke opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie, al dan nie;
(*b*) die opvoeder van die bevinding verwittig; en
(*c*) verslag aan die werkgewer oor die uitslag van die ondersoek doen.

(7) Indien die persoon wat die ondersoek gehou het, bevind het dat die betrokke opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie, kan daardie opvoeder binne 14 dae na die dag waarop die opvoeder van daardie bevinding verwittig is skriftelike vertoë betreffende die stappe wat kragtens subartikel (8) gedoen kan word aan die werkgewer voorlê.

(8)(*a*) Na oorweging van die stukke wat op die ondersoek betrekking het en enige vertoë wat aan die werkgewer voorgelê is, kan die werkgewer—
(i) geen verder stappe in die saak doen nie;
(ii) die betrokke opvoeder oorplaas na 'n ander pos waarvoor die opvoeder geskik is of gelas dat die opvoeder addisioneel tot die diensstaat van opvoeders in diens gehou word;
(iii) die opvoeder se salaris of graad of sowel die salaris as die graad verlaag in die mate wat die werkgewer bepaal;
(iv) die stappe beoog in subparagraaf (ii) sowel as die stappe beoog in subparagraaf (iii) doen; of
(v) die opvoeder uit diens ontslaan met ingang van die datum wat die werkgewer bepaal.

(*b*) Die werkgewer moet die betrokke opvoeder so gou doenlik skriftelik van die besluit wat die werkgewer kragtens paragraaf (*a*) geneem het en van daardie opvoeder se reg tot appèl ingevolge subartikel (9) verwittig.

(9) (*a*) 'n Opvoeder het die reg om by die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, te appelleer teen die bevinding dat die opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie of teen die besluit van die werkgewer, of teen daardie bevinding sowel as daardie besluit, binne 21 dae na die dag waarop die opvoeder van daardie besluit verwittig is.

(*b*) Indien die opvoeder ooreenkomstig paragraaf (*a*) appèl aanteken, word die besluit van die werkgewer nie voor die afhandeling van die appèl geïmplementeer nie.

(*c*) Die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, kan die laat aantekening van 'n appèl kondoneer indien goeie gronde aangetoon word.

(10) Na oorweging van die stukke wat op die appèl betrekking het, kan die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad—
(*a*) in die geval van 'n appèl teen die bevinding dat die betrokke opvoeder ongeskik is vir die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is of nie in staat is om daardie pligte op bekwame wyse uit te voer nie—
(i) die appèl van die hand wys en daardie bevinding bekragtig; of
(ii) die appèl in sy geheel of gedeeltelik handhaaf en daardie bevinding tersyde stel of wysig;
(*b*) in die geval van 'n appèl teen die besluit van die werkgewer—
(i) die appèl van die hand wys en daardie besluit bekragtig; of
(ii) die appèl in sy geheel of gedeeltelik handhaaf en daardie besluit tersyde stel of wysig, of daardie besluit deur die ander besluit vervang wat die werkgewer, na die oordeel van die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, moes geneem het.

(11) Die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad moet die opvoeder wat appèl aangeteken het en die werkgewer skriftelik van die beslissing oor die appèl laat verwittig.

**Wangedrag**

**17.** (1) 'n Opvoeder is aan wangedrag skuldig indien die opvoeder—

(*a*) contravenes or fails to comply with a provision of this Act or any law relating to education;

(*b*) performs or causes or permits to be performed, or connives at any act which is prejudicial to the administration, discipline or efficiency of any department of education, departmental office or educational institution;

(*c*) disobeys, disregards or wilfully defaults in carrying out a lawful order given to the educator by a person having the authority to give it, or by word or conduct displays insubordination;

(*d*) is negligent or indolent in the carrying out of the duties attached to the educator's post;

(*e*) without permission of the employer, undertakes any private agency or private work in relation to a matter connected with the carrying out of the educator's official duties;

(*f*) attempts to secure intervention from any person, other than a person in the employ of the State or a trade union, in connection with the educator's position or conditions of service, unless such intervention occurs in an endeavour to obtain redress of any grievance in accordance with the Labour Relations Act or through Parliament or the relevant provincial legislature, as the case may be;

(*g*) behaves in a disgraceful, improper or unbecoming manner, or, while on duty, is discourteous to any person, or commits sexual or any other form of harassment;

(*h*) while on duty or acting in an official capacity, is under the influence of intoxicating liquor or stupefying drugs;

(*i*) without prior permission of the employer, discloses otherwise than in carrying out the educator's official duties, information gathered or obtained by the educator through the educator's employment, or uses that information for any purpose other than for carrying out the educator's official duties, whether or not the educator discloses the information;

(*j*) without prior permission of the employer, accepts or demands in respect of the carrying out of or the failure to carry out the educator's duties any commission, fee, pecuniary or other reward to which the educator is not entitled by virtue of the educator's office, or fails to report to the employer the offer of any such commission, fee or reward;

(*k*) misappropriates or makes improper use of any property of the State under circumstances not amounting to an offence;

(*l*) commits an offence;

(*m*) without leave or a valid reason, is absent from office or duty; or

(*n*) with a view to obtaining any privilege or advantage in connection with the employer's official position or duties, or to causing prejudice or injury to the State or a department of education or a fellow employee, makes a false or incorrect statement knowing it to be false or incorrect.

(2) The acquittal or the conviction of an educator by a court of law on a charge of any offence shall not preclude the taking of disciplinary steps against the educator in terms of this Act, even if the facts set out in the charge of misconduct, should they be proven, would constitute the offence set out in the charge on which the educator was so acquitted or convicted or any other offence on which the educator could have been convicted in the trial on the former charge.

(3) If the misconduct with which an educator is charged amounts to an offence of which the educator was convicted by a court of law, a certified copy of the record of the trial and the conviction by that court shall, after the educator has been identified as the person who was convicted according to the record, be sufficient proof that the educator committed that offence unless—

(*a*) the conviction has been set aside by a competent court; or

(*b*) it is proved that the educator was in fact erroneously convicted.

(a) 'n bepaling van hierdie Wet of 'n wet met betrekking tot onderwys oortree of versuim om daaraan te voldoen;

(b) 'n handeling wat tot nadeel strek van die administrasie, dissipline of doeltreffendheid van 'n onderwysdepartement, departementele kantoor of onderwysinstelling verrig, laat verrig of toelaat of oogluikend toelaat dat dit verrig word;

(c) 'n wettige bevel wat aan die opvoeder gegee is deur 'n persoon wat die bevoegdheid daartoe het, nie gehoorsaam nie, dit verontagsaam of opsetlik in gebreke bly om dit uit te voer, of sigself deur woord of gedrag aan insubordinasie skuldig maak;

(d) nalatig of traag is by die uitvoering van die pligte wat aan die opvoeder se pos verbonde is;

(e) sonder toestemming van die werkgewer, enige private agentskap of private werk onderneem met betrekking tot 'n aangeleentheid wat met die uitvoering van die opvoeder se ampspligte in verband staan;

(f) probeer om ingryping deur 'n persoon, uitgesonderd 'n persoon in die diens van die Staat of 'n vakbond, in verband met die opvoeder se posisie of diensvoorwaardes te verkry, tensy sodanige ingryping geskied in 'n poging om herstel van 'n grief ooreenkomstig die Wet op Arbeidsverhoudinge of deur bemiddeling van die Parlement of die betrokke provinsiale wetgewer, na gelang van die geval, te verkry;

(g) sigself op 'n skandelike, onbehoorlike of onbetaamlike wyse gedra, of, onderwyl aan diens, grof onbeleefd teenoor 'n persoon is, of seksuele of 'n ander vorm van teistering pleeg;

(h) onderwyl aan diens of tydens optrede in 'n amptelike hoedanigheid, onder die invloed van sterk drank of bedwelmende middels is;

(i) sonder voorafverkreë toestemming van die werkgewer, inligting wat die opvoeder ingewin of bekom het as gevolg van die opvoeder se diens, openbaar maak anders as in die uitvoering van die opvoeder se ampspligte, of daardie inligting gebruik vir 'n ander doel as vir die uitvoering van die opvoeder se ampspligte, hetsy die opvoeder die inligting openbaar maak al dan nie;

(j) sonder voorafverkreë toestemming van die werkgewer, enige kommissie, geld, geldelike of ander beloning waarop die opvoeder uit hoofde van die opvoeder se amp nie geregtig is nie, aanneem of eis ten opsigte van die uitvoering van die opvoeder se ampspligte of die versuim om daardie ampspligte uit te voer, of versuim om die werkgewer van die aanbod van so 'n kommissie, geld of beloning te verwittig;

(k) enige eiendom van die Staat toe-eien of onbehoorlike gebruik daarvan maak in omstandighede wat nie op 'n misdryf neerkom nie;

(l) 'n misdryf pleeg;

(m) sonder verlof of 'n geldige rede, van kantoor of diens afwesig is; of

(n) met die oog op die verkryging van enige voorreg of voordeel in verband met die opvoeder se amptelike posisie of pligte, of tot nadeel van, of skadeberokkening aan, die Staat of 'n onderwysdepartement of 'n medewerknemer, 'n valse of onjuiste verklaring aflê met die wete dat dit vals of onjuis is.

(2) Die vryspreking of die skuldigbevinding van 'n opvoeder deur 'n geregshof van of aan 'n aanklag van 'n misdryf belet nie dat dissiplinêre stappe ingevolge hierdie Wet teen die opvoeder gedoen word nie, al sou die feite uiteengesit in die aanklag van wangedrag, indien dit bewys sou word, die misdryf uitmaak wat uiteengesit is in die aanklag waarvan of waaraan die opvoeder aldus vrygespreek of skuldig bevind is of 'n ander misdryf waaraan die opvoeder by die verhoor op eersgenoemde aanklag skuldig bevind kon gewees het.

(3) Indien die wangedrag waarvan 'n opvoeder aangekla word, neerkom op 'n misdryf waaraan die opvoeder deur 'n geregshof skuldig bevind is, is 'n gewaarmerkte afskrif van die oorkonde van die verhoor en die skuldigbevinding deur daardie hof, nadat die opvoeder geïdentifiseer is as die persoon wat volgens die oorkonde skuldig bevind is, voldoende bewys dat die opvoeder daardie misdryf gepleeg het tensy—

(a) die skuldigbevinding deur 'n bevoegde hof tersyde gestel is; of

(b) daar bewys word dat die opvoeder in werklikheid verkeerdelik skuldig bevind is.

### Preliminary investigation of misconduct

**18.** (1) Whenever an educator is accused of misconduct, the employer may in writing appoint a person as investigating officer—

*(a)* to investigate the matter;
*(b)* to obtain evidence in order to determine whether there are grounds for a charge of misconduct against that educator; and
*(c)* to report to the employer thereon.

(2) An investigating officer shall not question the educator concerned unless the investigating officer informs that educator—

*(a)* that the educator has the right to be assisted or represented by another person;
*(b)* that the educator is not obliged to make any statement; and
*(c)* that any statement so made may be used in evidence against the educator.

### Charge of misconduct

**19.** (1) The employer may in writing charge an educator with misconduct if the employer is of the opinion that sufficient grounds for such a charge exist, whether or not an investigation contemplated in section 18 was carried out.

(2) A charge of misconduct shall be served on the educator concerned in the prescribed manner, and shall be accompanied by a direction calling on the educator to submit within 21 days after the service of the charge a written admission or denial of the charge and, should the educator so desire, an explanation in writing regarding the misconduct with which the educator is charged.

(3) The employer may at any time withdraw a charge of misconduct.

(4) If the employer has been informed that an educator charged with misconduct is a member of a trade union, the employer shall in writing notify the trade union concerned of the charge and of the particulars thereof.

(5) An educator who admits the charge shall be deemed to be guilty of the misconduct with which the educator has been charged.

### Suspension of educators

**20.** (1) Subject to the provisions of this section, the Labour Relations Act or any collective agreement concluded by the Education Labour Relations Council, the employer may at any time before or after charging an educator with misconduct suspend that educator from duty on such conditions as the employer may determine.

(2) Before suspending an educator from duty, the employer shall in a notice in writing addressed to that educator—

*(a)* inform the educator of the employer's intention to suspend the educator from duty;
*(b)* furnish the educator with the reasons for the intended suspension; and
*(c)* call upon the educator to show cause within the period specified in the notice, which period shall not be less than 14 days from the date of the notice, why the educator should not be so suspended.

(3) After considering any representations received in accordance with subsection (2)*(c)*, the employer may—

*(a)* proceed with the suspension of the educator under subsection (1); or
*(b)* refrain from taking any further steps under the said subsection (1),

and the employer shall inform the educator concerned in writing of the decision under this subsection.

### Inquiry by disciplinary tribunal

**21.** (1) If an educator charged with misconduct—

*(a)* denies the charge; or
*(b)* fails to comply with the direction contemplated in section 19(2),

**Voorlopige ondersoek van wangedrag**

**18.** (1) Wanneer 'n opvoeder van wangedrag beskuldig word, kan die werkgewer skriftelik 'n persoon as ondersoekbeampte aanstel—

*(a)* om die aangeleentheid te ondersoek;

*(b)* om getuienis in te win ten einde vas te stel of daar grond vir 'n aanklag van wangedrag teen daardie opvoeder is; en

*(c)* om aan die werkgewer verslag daaroor te doen.

(2) 'n Ondersoekbeampte mag nie die betrokke opvoeder ondervra nie tensy die ondersoekbeampte daardie opvoeder inlig—

*(a)* dat die opvoeder die reg het om deur 'n ander persoon bygestaan of verteenwoordig te word;

*(b)* dat die opvoeder nie verplig is om 'n verklaring af te lê nie; en

*(c)* dat enige verklaring wat aldus afgelê word as getuienis teen die opvoeder gebruik kan word.

**Aanklag van wangedrag**

**19.** (1) Die werkgewer kan 'n opvoeder skriftelik van wangedrag aankla indien die werkgewer van oordeel is dat daar voldoende gronde vir so 'n aanklag bestaan, hetsy 'n ondersoek beoog in artikel 18 gedoen is al dan nie.

(2) 'n Aanklag van wangedrag moet op die voorgeskrewe wyse aan die betrokke opvoeder beteken word, en gaan vergesel van 'n aansegging waarby die opvoeder aangesê word om binne 21 dae na die betekening van die aanklag 'n skriftelike erkenning of ontkenning van die aanklag en, indien die opvoeder dit verlang, 'n skriftelike verduideliking aangaande die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla word, voor te lê.

(3) Die werkgewer kan te eniger tyd 'n aanklag van wangedrag terugtrek.

(4) Indien die werkgewer in kennis gestel is dat 'n opvoeder wat van wangedrag aangekla word 'n lid van 'n vakbond is, moet die werkgewer die betrokke vakbond skriftelik van die aanklag en van die besonderhede daarvan in kennis stel.

(5) 'n Opvoeder wat die aanklag erken, word geag skuldig te wees aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is.

**Skorsing van opvoeders**

**20.** (1) Behoudens die bepalings van hierdie artikel, die Wet op Arbeidsverhoudinge of 'n kollektiewe ooreenkoms wat deur die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys gesluit is, kan die werkgewer te eniger tyd voor of nadat die werkgewer 'n opvoeder van wangedrag aankla daardie opvoeder in diens skors op die voorwaardes wat die werkgewer bepaal.

(2) Voordat die werkgewer 'n opvoeder in diens skors, moet die werkgewer in 'n skriftelike kennisgewing aan daardie opvoeder gerig—

*(a)* die opvoeder in kennis stel van die werkgewer se voorneme om die opvoeder in diens te skors;

*(b)* aan die opvoeder die redes vir die voorgenome skorsing verstrek; en

*(c)* die opvoeder aansê om binne die tydperk in die kennisgewing vermeld, watter tydperk nie minder as 14 dae vanaf die datum van die kennisgewing mag wees nie, redes aan te voer waarom die opvoeder nie aldus geskors behoort te word nie.

(3) Na oorweging van enige vertoë wat ooreenkomstig subartikel (2)*(c)* ontvang is, kan die werkgewer—

*(a)* voortgaan met die skorsing van die opvoeder kragtens subartikel (1); of

*(b)* geen verdere stappe kragtens genoemde subartikel (1) doen nie,

en die werkgewer moet die betrokke opvoeder skriftelik van die besluit kragtens hierdie subartikel in kennis stel.

**Ondersoek deur dissiplinêre tribunaal**

**21.** (1) Indien 'n opvoeder wat van wangedrag aangekla is—

*(a)* die aanklag ontken; of

*(b)* versuim om te voldoen aan die aansegging in artikel 19(2) beoog,

the employer shall appoint a disciplinary tribunal consisting of a chairperson and two other persons, one of whom shall be nominated by the educator or the trade union of which the educator is a member, to inquire into the charge.

(2) The chairperson of the disciplinary tribunal shall, in consultation with the employer, determine the time and place of the inquiry, and the employer shall give the educator and trade union concerned 14 days' notice in writing of the time and place so determined.

(3) For the purposes of the inquiry the disciplinary tribunal may—

*(a)* summons any person who may be able to give information of material importance concerning the subject of the inquiry or who has in that person's possession or custody or under that person's control any book, document or object which may have a bearing on the subject of the inquiry, to appear before the disciplinary tribunal;

*(b)* call upon and administer an oath to, or accept an affirmation from, any person present at the inquiry who has or might have been summonsed in terms of paragraph *(a)*;

*(c)* examine or require any person who has been called upon in terms of paragraph *(b)* to produce any book, document or object in that person's possession or custody or under that person's control which may have a bearing on the subject of inquiry.

(4) A summons for a person to appear before the disciplinary tribunal shall be—

*(a)* in the prescribed form;

*(b)* signed by the chairperson of the disciplinary tribunal or any other person designated by the chairperson; and

*(c)* served in the prescribed manner.

(5) In connection with the examination of any person by, or the production of any book, document or object before, the disciplinary tribunal under this section, the law relating to privilege, as applicable to a witness summonsed to give evidence or to produce any book, document or object before a court of law, shall apply.

**Procedure at inquiry**

**22.** (1) The employer may authorise any person—

*(a)* to attend the inquiry into the charge of misconduct;

*(b)* to adduce evidence and arguments in support of the charge; and

*(c)* to cross-examine any person who has given evidence in rebuttal of the charge.

(2) At the inquiry the educator concerned shall have the right to be present, to be assisted or represented by another person, to give evidence and, either personally or through a representative—

*(a)* to be heard;

*(b)* to call witnesses;

*(c)* to cross-examine any person called as a witness in support of the charge; and

*(d)* to have access to documents produced in evidence.

(3) The disciplinary tribunal shall keep a record of the proceedings at the inquiry and of all evidence given thereat.

**Finding of disciplinary tribunal**

**23.** At the conclusion of the inquiry into a charge of misconduct, the disciplinary tribunal shall—

*(a)* find whether the educator concerned is guilty or not guilty of the misconduct with which the educator has been charged;

*(b)* if the disciplinary tribunal finds that the educator is guilty of the misconduct with which the educator has been charged, make a recommendation regarding any steps which may be taken under section 24(2); and

*(c)* inform the educator of the finding.

**Steps after inquiry**

**24.** (1) After the conclusion of the inquiry into a charge of misconduct, the chairperson of the disciplinary tribunal shall—

stel die werkgewer 'n dissiplinêre tribunaal aan, bestaande uit 'n voorsitter en twee ander persone, van wie een genomineer word deur die opvoeder of die vakbond waarvan die opvoeder 'n lid is, om die aanklag te ondersoek.

(2) Die voorsitter van die dissiplinêre tribunaal moet die tyd en plek van die ondersoek in oorleg met die werkgewer bepaal, en die werkgewer gee aan die betrokke opvoeder en vakbond 14 dae skriftelike kennis van die tyd en plek aldus bepaal.

(3) Vir die doeleindes van die ondersoek kan die dissiplinêre tribunaal—

*(a)* 'n persoon wat in staat mag wees om inligting van wesenlike belang oor die onderwerp van die ondersoek te verstrek of wat 'n boek, stuk of voorwerp in daardie persoon se besit of bewaring of onder daardie persoon se beheer het wat betrekking op die onderwerp van die ondersoek kan hê, dagvaar om voor die dissiplinêre tribunaal te verskyn;

*(b)* 'n persoon wat by die ondersoek teenwoordig is en wat ingevolge paragraaf *(a)* gedagvaar is of gedagvaar kon gewees het, oproep en daardie persoon 'n eed oplê of van daardie persoon 'n bevestiging aanneem;

*(c)* 'n persoon wat ingevolge paragraaf *(b)* opgeroep is, ondervra of verg dat daardie persoon 'n boek, stuk of voorwerp in daardie persoon se besit of bewaring of onder daardie persoon se beheer wat betrekking op die onderwerp van die ondersoek kan hê, oorlê.

(4) 'n Dagvaarding van 'n persoon om voor die dissiplinêre tribunaal te verskyn—

*(a)* is in die voorgeskrewe vorm;

*(b)* word deur die voorsitter van die dissiplinêre tribunaal of 'n ander persoon deur die voorsitter aangewys, onderteken; en

*(c)* word op die voorgeskrewe wyse beteken.

(5) In verband met die ondervraging van 'n persoon deur, of die oorlegging van 'n boek, stuk of voorwerp aan, die dissiplinêre tribunaal kragtens hierdie artikel is die regsbepalings met betrekking tot privilegie, soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om voor 'n geregshof getuienis af te lê of 'n boek, stuk of voorwerp oor te lê, van toepassing.

**Prosedure by ondersoek**

**22.** (1) Die werkgewer kan 'n persoon magtig—

*(a)* om by die ondersoek na die aanklag van wangedrag teenwoordig te wees;

*(b)* om getuienis en argumente ter stawing van die aanklag aan te voer; en

*(c)* om 'n persoon wat getuienis afgelê het om die aanklag te weerlê, onder kruisverhoor te neem.

(2) By die ondersoek het die betrokke opvoeder die reg om teenwoordig te wees, om deur 'n ander persoon bygestaan of verteenwoordig te word, om getuienis af te lê en om, hetsy persoonlik of deur 'n verteenwoordiger—

*(a)* aangehoor te word;

*(b)* getuies op te roep;

*(c)* iemand wat as getuie opgeroep is ter stawing van die aanklag onder kruisverhoor te neem; en

*(d)* insae te hê in stukke wat as getuienis oorgelê is.

(3) Die dissiplinêre tribunaal moet notule hou van die verrigtinge by die ondersoek en van alle getuienis wat aldaar afgelê word.

**Bevinding van dissiplinêre tribunaal**

**23.** Aan die einde van die ondersoek na 'n aanklag van wangedrag moet die dissiplinêre tribunaal—

*(a)* bevind of die betrokke opvoeder skuldig is of nie skuldig is nie aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is;

*(b)* indien die dissiplinêre tribunaal bevind dat die opvoeder skuldig is aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is, 'n aanbeveling doen betreffende enige stappe wat kragtens artikel 24(2) gedoen kan word; en

*(c)* die opvoeder van die bevinding verwittig.

**Stappe na ondersoek**

**24.** (1) Na afloop van die ondersoek na 'n aanklag van wangedrag moet die voorsitter van die dissiplinêre tribunaal—

*(a)* within seven days after the making of the finding, report to the employer on the result of the inquiry; and

*(b)* if the disciplinary tribunal has found that the educator concerned is guilty of the misconduct with which the educator has been charged, submit to the employer—

(i) the record of the proceedings at the inquiry and any documentary evidence admitted thereat;

(ii) a written exposition of the finding of the disciplinary tribunal and the reasons therefor;

(iii) any remarks which the disciplinary tribunal wishes to make in connection with the inquiry; and

(iv) the recommendation of the disciplinary tribunal regarding any steps which may be taken under this section.

(2) *(a)* If the disciplinary tribunal has found that the educator concerned is guilty of the misconduct with which the educator has been charged, or if the educator concerned admits the charge, the employer may, after having considered the documents relating to the inquiry, where applicable—

(i) caution or reprimand the educator concerned;

(ii) impose upon the educator a fine not exceeding R6 000;

(iii) reduce the educator's salary to such extent as the employer may determine;

(iv) discharge the educator from service with effect from such date as the employer may determine.

*(b)* Except where the employer takes the steps contemplated in paragraph *(a)*(iv), the employer may take steps under more than one of the subparagraphs of paragraph *(a)*, and the employer may suspend any one or more of those steps on such conditions and for such period, which period shall not exceed one year, as the employer may determine.

(3) The employer shall as soon as possible inform the educator concerned in writing of the decision taken by the employer under subsection (2) and of that educator's right of appeal in terms of section 25.

**Appeals**

**25.** (1) *(a)* An educator shall have the right to appeal to the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, against the finding of the disciplinary tribunal that the educator is guilty of the misconduct with which the educator has been charged or against the decision of the employer under section 24(2), or against that finding as well as that decision, within 21 days after the day on which the educator was informed of that decision in terms of section 24(3).

*(b)* If the educator notes an appeal in accordance with paragraph *(a)*, the decision of the employer shall not be implemented before the disposal of the appeal.

(2) *(a)* If notice of appeal has been given in accordance with subsection (1), the employer shall furnish the educator concerned with a copy of the record of the proceedings at the enquiry and the other documents referred to in section 24(1)*(b)*.

*(b)* The educator may within 14 days after the day on which the educator received the copy of the record and other documents submit to the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, representations in writing in support of the appeal.

*(c)* The employer may within 14 days after the day on which the employer received a copy of the representations in writing submit to the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, any reply in writing which the employer wishes to make to those representations, and shall furnish a copy of that reply to the educator concerned.

*(d)* The educator may within 14 days after the day on which the educator received a copy of the reply in writing submit to the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, any reply in writing which the educator wishes to make to that reply.

(3) After having considered the documents relating to the appeal, the Minister or the Member of the Executive Council may—

*(a)* in the case of an appeal against the finding that the educator concerned is guilty of the misconduct with which the educator has been charged—

(i) dismiss the appeal and confirm that finding; or

(ii) uphold the appeal wholly or in part and set aside or vary that finding;

(a) binne sewe dae na die doen van die bevinding, verslag aan die werkgewer oor die uitslag van die ondersoek doen; en

(b) indien die dissiplinêre tribunaal bevind het dat die betrokke opvoeder skuldig is aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is, aan die werkgewer voorlê—

(i) die notule van die verrigtinge by die ondersoek en enige dokumentêre getuienis wat aldaar toegelaat is;

(ii) 'n skriftelike uiteensetting van die bevinding van die dissiplinêre tribunaal en die redes daarvoor;

(iii) enige opmerkings wat die dissiplinêre tribunaal in verband met die ondersoek wil maak; en

(iv) die aanbeveling van die dissiplinêre tribunaal betreffende enige stappe wat kragtens hierdie artikel gedoen kan word.

(2) *(a)* Indien die dissiplinêre tribunaal bevind het dat die betrokke opvoeder skuldig is aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is, of indien die betrokke opvoeder die aanklag erken, kan die werkgewer, na oorweging van die stukke wat op die ondersoek betrekking het, waar van toepassing—

(i) die betrokke opvoeder waarsku of berispe;

(ii) die opvoeder 'n boete van hoogstens R6 000 oplê;

(iii) die opvoeder se salaris verlaag in die mate wat die werkgewer bepaal;

(iv) die opvoeder uit diens ontslaan met ingang van die datum wat die werkgewer bepaal.

*(b)* Behalwe waar die werkgewer die stappe beoog in paragraaf *(a)*(iv) doen, kan die werkgewer stappe kragtens meer as een van die subparagrawe van paragraaf *(a)* doen, en kan die werkgewer een of meer van daardie stappe opskort op die voorwaardes en vir die tydperk, watter tydperk nie meer as een jaar mag wees nie, wat die werkgewer bepaal.

(3) Die werkgewer moet die betrokke opvoeder so gou doenlik skriftelik van die besluit wat die werkgewer kragtens subartikel (2) geneem het en van daardie opvoeder se reg tot appèl ingevolge artikel 25 verwittig.

**Appèlle**

**25.** (1) *(a)* 'n Opvoeder het die reg om by die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, te appelleer teen die bevinding van die dissiplinêre tribunaal dat die opvoeder skuldig is aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is of teen die besluit van die werkgewer kragtens artikel 24(2), of teen daardie bevinding sowel as daardie besluit, binne 21 dae na die dag waarop die opvoeder ingevolge artikel 24(3) van daardie besluit verwittig is.

*(b)* Indien die opvoeder ooreenkomstig paragraaf *(a)* appèl aanteken, word die besluit van die werkgewer nie voor die afhandeling van die appèl geïmplementeer nie.

(2) *(a)* Indien kennis van appèl ooreenkomstig subartikel (1) gegee is, moet die werkgewer aan die betrokke opvoeder 'n afskrif van die notule van die verrigtinge by die ondersoek en die ander stukke bedoel in artikel 24(1)*(b)* verstrek.

*(b)* Die opvoeder kan binne 14 dae na die dag waarop die opvoeder die afskrif van die notule en ander stukke ontvang het skriftelike vertoë ter stawing van die appèl aan die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, voorlê.

*(c)* Die werkgewer kan binne 14 dae na die dag waarop die werkgewer 'n afskrif van die skriftelike vertoë ontvang het enige skriftelike repliek wat die werkgewer op daardie vertoë wil lewer aan die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, voorlê, en moet 'n afskrif van daardie repliek aan die betrokke opvoeder verstrek.

*(d)* Die opvoeder kan binne 14 dae na die dag waarop die opvoeder 'n afskrif van die skriftelike repliek ontvang het enige skriftelike repliek wat die opvoeder op daardie repliek wil lewer aan die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, voorlê.

(3) Na oorweging van die stukke wat op die appèl betrekking het, kan die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad—

(a) in die geval van 'n appèl teen die bevinding dat die betrokke opvoeder skuldig is aan die wangedrag waarvan die opvoeder aangekla is—

(i) die appèl van die hand wys en daardie bevinding bekragtig; of

(ii) die appèl in sy geheel of gedeeltelik handhaaf en daardie bevinding tersyde stel of wysig;

(b) in the case of an appeal against the decision of the employer—
   (i) dismiss the appeal and confirm that decision; or
   (ii) uphold the appeal wholly or in part and set aside or vary that decision, or substitute for that decision such other decision as the employer, in the opinion of the Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, ought to have taken.

(4) The Minister or the Member of the Executive Council shall cause the educator who noted an appeal and the employer to be informed in writing of the decision on the appeal.

(5) The Minister or the Member of the Executive Council, as the case may be, may condone any non-compliance with a time period specified in this section upon good cause being shown.

**Furnishing South African Council for Educators with records**

**26.** In each case where steps were taken against any educator under section 24(2), other than the cautioning or reprimanding of the educator, the employer shall furnish the South African Council for Educators with the record of the proceedings at the inquiry and all other documents relating thereto.

## CHAPTER 6

## SOUTH AFRICAN COUNCIL FOR EDUCATORS

**Establishment**

**27.** (1) The South African Council for Educators, which was established in terms of a collective agreement reached in the Education Labour Relations Council, shall be deemed to be established in terms of this Act.

(2) The South African Council for Educators is a juristic person which functions in terms of this Act.

(3) The current chairpersons and members of the South African Council for Educators continue to perform the functions which they performed prior to the commencement of this Act, until their current terms of office expire.

**Functions and powers of South African Council for Educators**

**28.** (1) Subject to this Act and the National Education Policy Act, 1996 (Act No. 27 of 1996), the South African Council for Educators shall—

(a) establish minimum criteria and procedures for the registration or provisional registration of educators;
(b) keep a register of the names of all persons who are registered or provisionally registered;
(c) promote professional development of educators;
(d) establish a code of professional ethics for educators which shall apply to all educators registered or provisionally registered with the Council;
(e) establish a fair and equitable enquiry procedure and appoint a committee to investigate an alleged breach of the code of professional ethics;
(f) have the power to—
   (i) caution or reprimand;
   (ii) impose a fine not exceeding one months' salary on; or
   (iii) strike from the register the name of,
   an educator found guilty of a breach of the code of professional ethics, and may suspend a sanction imposed in terms of subparagraphs (ii) and (iii);
(g) subject to the approval of the Minister, determine compulsory monthly fees payable to the Council in respect of educators for whom registration with the Council is compulsory;
(h) advise the Minister on any relevant aspect or if so requested by the Minister;
(i) have the power to appoint staff and to determine their conditions of service;
(j) have the power to establish committees and assign functions to them; and

(*b*) in die geval van 'n appèl teen die besluit van die werkgewer—
 (i) die appèl van die hand wys en daardie besluit bekragtig; of
 (ii) die appèl in sy geheel of gedeeltelik handhaaf en daardie besluit tersyde stel of wysig, of daardie besluit deur die ander besluit vervang wat die werkgewer, na die oordeel van die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, moes geneem het.

(4) Die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad moet die opvoeder wat appèl aangeteken het en die werkgewer skriftelik van die besluit oor die appèl laat verwittig.

(5) Die Minister of die Lid van die Uitvoerende Raad, na gelang van die geval, kan enige nie-nakoming van 'n tydskaal in hierdie artikel bepaal, kondoneer indien goeie gronde aangetoon word.

**Verstrekking van notules aan Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**

**26.** In elke geval waar stappe kragtens artikel 24(2) teen 'n opvoeder gedoen is, uitgesonderd die waarskuwing of berisping van die opvoeder, moet die werkgewer die notule van die verrigtinge by die ondersoek en alle ander stukke wat daarop betrekking het aan die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders verstrek.

## HOOFSTUK 6

## SUID-AFRIKAANSE RAAD VIR OPVOEDERS

**Instelling**

**27.** (1) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders, wat ingestel is ingevolge 'n kollektiewe ooreenkoms in die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys, word geag ingestel te wees ingevolge hierdie Wet.

(2) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders is 'n regspersoon wat sy werksaamhede verrig ingevolge hierdie Wet.

(3) Die huidige voorsitters en lede van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders gaan voort met die verrigting van die werksaamhede wat hulle verrig het voor die inwerkingtreding van hierdie Wet, totdat hulle huidige ampstermyne verstryk.

**Werksaamhede en bevoegdhede van Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**

**28.** (1) Behoudens hierdie Wet en die Wet op Nasionale Onderwysbeleid, 1996 (Wet No. 27 van 1996), moet die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders—

(*a*) minimum kriteria en prosedures vir die registrasie of voorwaardelike registrasie van opvoeders bepaal;

(*b*) 'n register hou van die name van alle persone wat geregistreer of voorwaardelik geregistreer is;

(*c*) die professionele ontwikkeling van opvoeders bevorder;

(*d*) 'n professionele etiese kode vir opvoeders, wat van toepassing sal wees op alle opvoeders wat by die Raad geregistreer of voorwaardelik geregistreer is, instel;

(*e*) 'n regverdige en billike ondersoekprosedure instel en 'n komitee aanstel om 'n beweerde oortreding van die professionele etiese kode te ondersoek;

(*f*) die bevoegdheid hê om 'n opvoeder wat skuldig bevind word aan die oortreding van die professionele etiese kode—
 (i) te waarsku of te berispe;
 (ii) met hoogstens een maand se salaris te beboet; of
 (iii) die naam van 'n opvoeder wat die professionele etiese kode oortree, van die register te skrap,

en kan 'n sanksie opgelê kragtens subparagraaf (ii) of (iii) opskort;

(*g*) onderworpe aan die Minister se goedkeuring, verpligte maandelikse fooie betaalbaar aan die Raad ten opsigte van opvoeders vir wie registrasie by die Raad verpligtend is, bepaal;

(*h*) die Minister adviseer oor enige toepaslike aspek of adviseer soos deur die Minister versoek;

(*i*) die bevoegdheid hê om personeel aan te stel en hulle diensvoorwaardes te bepaal;

(*j*) die bevoegdheid hê om komitees aan te stel en werksaamhede aan hulle toe te wys; en

(*k*) subject to this Act, perform any function which is necessary for the proper functioning of the Council.

(2) The existing registration procedure, code of professional ethics and procedures of the South African Council for Educators remain in force until amended or repealed by the Council.

**Registration with South African Council for Educators**

**29.** (1) A person may not be appointed as an educator unless such person is registered or provisionally registered with the South African Council for Educators.

(2) Any person registered or provisionally registered by the South African Council for Educators prior to the commencement of this Act, is deemed to be registered in terms of the provisions of this Act.

(3) Any educator not registered or provisionally registered with the South African Council for Educators at the commencement of this Act, shall apply for registration within six months after the commencement of this Act.

(4) After a date determined by the Minister by notice in the Gazette, no employer may employ or retain in employment, an educator not registered or provisionally registered with the South African Council for Educators.

**Composition, administration and functioning of South African Council for Educators**

**30.** The Minister shall prescribe measures and procedures in respect of—

(*a*) the composition of the South African Council for Educators;
(*b*) the appointment of members;
(*c*) the term of office of members;
(*d*) vacation of office by members;
(*e*) filling of vacancies;
(*f*) the convening of meetings of the Council and its committees and the procedure at those meetings, including the quorum for such meetings; and
(*g*) any other matter which the Minister may deem necessary or expedient for the functioning of the South African Council for Educators.

**Funds of South African Council for Educators**

**31.** (1) The funds of the South African Council for Educators consist of—

(*a*) compulsory monthly fees collected through the Education Labour Relations Council from educators;
(*b*) moneys received from donations, contributions, interest or fines; and
(*c*) other income received by the South African Council for Educators from any other source.

(2) The South African Council for Educators—

(*a*) shall in each financial year, at such time and in such manner as the Minister may determine, submit a detailed statement of its estimated income and expenditure for the ensuing financial year to the Minister for his or her approval;
(*b*) may in any financial year submit adjusted statements of its estimated income and expenditure to the Minister for his or her approval; and
(*c*) may not incur any expenditure which exceeds the total amount approved in terms of paragraphs (*a*) and (*b*).

(3) If the Minister does not approve the statement of estimated income and expenditure of the South African Council for Educators, the Minister shall require the Council to provide a revised statement within a specified period to him or her.

(4) The funds contemplated in subsection (1) must be used by the South African Council for Educators in accordance with the approved statement referred to in subsection (2), and any unexpended balance must be carried forward as a credit to the following financial year.

(5) Subject to subsection (4), the South African Council for Educators may invest any portion of its funds in a manner as the Minister may approve.

(6) The books of account and financial statements of the South African Council for Educators must be audited at the end of each financial year by a registered chartered accountant appointed by the Council.

(*k*) behoudens hierdie Wet, enige werksaamheid wat noodsaaklik is vir die behoorlike funksionering van die Raad, te verrig.

(2) Die bestaande registrasieprosedure, professionele etiese kode en prosedures van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders bly van krag tot tyd en wyl dit deur die Raad gewysig of herroep word.

**Registrasie by Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**

**29.** (1) 'n Persoon kan nie as opvoeder aangestel word nie tensy die persoon by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is of voorwaardelik geregistreer is.

(2) Enige persoon wat voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is of voorwaardelik geregistreer is, word geag geregistreer te wees kragtens die bepalings van hierdie Wet.

(3) Enige opvoeder wat nie voor die inwerkingtreding van hierdie Wet by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is of voorwaardelik geregistreer is nie, moet binne ses maande na die inwerkingtreding van hierdie Wet aansoek doen om registrasie.

(4) Na 'n datum deur die Minister bepaal by kennisgewing in die Staatskoerant mag geen werkgewer 'n opvoeder wat nie by die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders geregistreer is of voorwaardelik geregistreer is nie, in diens neem of in diens hou nie.

**Samestelling, administrasie en funksionering van Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**

**30.** (1) Die Minister moet maatreëls en prosedures voorskryf ten opsigte van—

(*a*) die samestelling van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders;
(*b*) die aanstelling van lede;
(*c*) die ampstermyn van lede;
(*d*) ontruiming van hulle amp deur lede;
(*e*) die vul van vakatures;
(*f*) die belê van vergaderings van die Raad en sy komitees en die prosedure by die vergaderings, insluitend die kworum vir die vergaderings; en
(*g*) enige ander aangeleentheid wat die Minister mag nodig of dienstig ag vir die funksionering van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders.

**Fondse van Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders**

**31.** (1) Die fondse van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders bestaan uit—

(*a*) verpligte maandelikse fooie wat deur die Raad vir Arbeidsverhoudinge in die Onderwys van opvoeders gevorder word;
(*b*) geld ontvang as skenkings, bydraes, rente of boetes; en
(*c*) ander inkomste deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders ontvang uit enige ander bron.

(2) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders—

(*a*) moet in elke boekjaar, op 'n tydstip en op 'n wyse deur die Minister bepaal, 'n gespesifiseerde staat van sy beraamde inkomste en uitgawe vir die volgende boekjaar aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring;
(*b*) kan in enige boekjaar aangepaste state van sy beraamde inkomste en uitgawe aan die Minister voorlê vir sy of haar goedkeuring; en
(*c*) mag nie enige uitgawe aangaan wat die totale bedrag, goedgekeur ingevolge paragrawe (*a*) en (*b*), oorskry nie.

(3) Indien die Minister nie die staat van beraamde inkomste en uitgawe van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders goedkeur nie, moet die Minister van die Raad vereis om 'n hersiene staat binne 'n bepaalde tyd aan hom of haar te voorsien.

(4) Die fondse beoog in subartikel (1) moet deur die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders aangewend word in ooreenstemming met die goedgekeurde staat bedoel in subartikel (2), en enige onbestede balans moet na die volgende boekjaar oorgedra word as 'n krediet.

(5) Behoudens subartikel (4) kan die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders enige gedeelte van sy fondse belê op 'n wyse deur die Minister goedgekeur.

(6) Die boekhouding en finansiële state van die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet aan die einde van elke boekjaar geouditeer word deur 'n geregistreerde geoktrooieerde rekenmeester deur die Raad aangestel.

(7) A copy of the audited financial statements shall be submitted to the Minister within three months after the end of a financial year.

### Annual report

**32.** (1) The South African Council for Educators shall, within three months after the end of each financial year, submit a report to the Minister on the performance of its functions during that financial year.

(2) The Minister shall table copies of the report in Parliament as soon as reasonably practicable.

## CHAPTER 7

## GENERAL

### Performance of other work by educators

**33.** (1) Unless an educator's conditions of service provide otherwise—

*(a)* an educator shall place such time as the Minister may determine at the disposal of the employer;

*(b)* no educator shall without permission of the employer perform or undertake to perform remunerative work outside the educator's official duty or work;

*(c)* no educator may claim additional remuneration in respect of any official duty or work which the educator—

(i) performs voluntarily; or

(ii) has been ordered to perform by a competent authority.

(2) The employer may order an educator to perform duties on a temporary basis other than those duties ordinarily assigned to the educator which are appropriate to the grade, designation or classification of the educator's post.

### Offences and penalties

**34.** Any person who—

*(a)* has been duly summoned under section 21(3)*(a)* and who fails without sufficient cause—

(i) to attend at the time and place specified in the summons; or

(ii) to remain in attendance until excused by the disciplinary tribunal from further attendance;

*(b)* has been called upon in terms of section 21(3)*(b)* and who refuses to be sworn or to affirm as a witness; or

*(c)* fails without sufficient cause—

(i) to answer fully and satisfactorily any question lawfully put to that person under section 21(3)*(c)*; or

(ii) to produce any book, document or object in that person's possession or custody or under that person's control which that person was required to produce in terms of the said section 21(3)*(c)*,

shall be guilty of an offence and liable on conviction to a fine or to imprisonment for a period not exceeding six months or to both such fine and such imprisonment.

### Regulations

**35.** The Minister may make regulations which are not inconsistent with any law relating to—

*(a)* (i) the recovery of any reward, allowance or remuneration received in an irregular manner by any educator;

(ii) the recovery of any portion of an allowance or salary paid erroneously to any educator, or the discontinuance or withdrawal of any other benefit awarded erroneously; and

(iii) the payment or award of any portion of an allowance or salary or of any other benefit erroneously withheld from any educator;

(7) 'n Afskrif van die geouditeerde finansiële state moet binne drie maande na die einde van die boekjaar aan die Minister voorgelê word.

**Jaarverslag**

**32.** (1) Die Suid-Afrikaanse Raad vir Opvoeders moet, binne drie maande na die einde van elke boekjaar, 'n verslag oor die verrigting van sy werksaamhede gedurende daardie boekjaar aan die Minister voorlê.

(2) Die Minister moet so gou as redelikerwys moontlik afskrifte van die verslag in die Parlement ter tafel lê.

## HOOFSTUK 7

## ALGEMEEN

**Verrigting van ander werk deur opvoeders**

**33.** (1) Tensy 'n opvoeder se diensvoorwaardes anders bepaal—

*(a)* moet die opvoeder die tyd wat die Minister bepaal ter beskikking van die werkgewer stel;

*(b)* mag geen opvoeder sonder toestemming van die werkgewer besoldigde werk buite die opvoeder se amptelike diens of werk verrig of onderneem om dit te verrig nie;

*(c)* kan geen opvoeder aanspraak maak nie op bykomende besoldiging ten opsigte van enige amptelike diens of werk wat die opvoeder—

(i) vrywillig verrig; of

(ii) deur 'n bevoegde gesag beveel is om te verrig.

(2) Die werkgewer kan 'n opvoeder beveel om tydelik ander pligte te verrig as dié wat gewoonlik aan die opvoeder opgedra word en wat by die graad, benaming of indeling van die opvoeder se pos pas.

**Misdrywe en strawwe**

**34.** 'n Persoon wat—

*(a)* behoorlik kragtens artikel 21(3)*(a)* gedagvaar is en wat sonder voldoende rede in gebreke bly—

(i) om te verskyn op die tyd en plek in die dagvaarding vermeld; of

(ii) om teenwoordig te bly totdat daardie persoon deur die dissiplinêre tribunaal van verdere bywoning onthef word;

*(b)* ingevolge artikel 21(3)*(b)* opgeroep is en wat weier om as getuie beëdig te word of te bevestig; of

*(c)* sonder voldoende rede in gebreke bly—

(i) om 'n vraag wat wettig kragtens artikel 21(3)*(c)* aan daardie persoon gestel word volledig en bevredigend te beantwoord; of

(ii) om 'n boek, stuk of voorwerp in daardie persoon se besit of bewaring of onder daardie persoon se beheer oor te lê wat daardie persoon ingevolge genoemde artikel 21(3)*(c)* verplig was om oor te lê,

is aan 'n misdryf skuldig en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete of met gevangenisstraf vir 'n tydperk van hoogstens ses maande of met sowel daardie boete as daardie gevangenisstraf.

**Regulasies**

**35.** Die Minister kan regulasies uitvaardig wat nie met die een of ander wet onbestaanbaar is nie betreffende—

*(a)* (i) die verhaal van enige beloning, toelae of besoldiging wat op onreëlmatige wyse deur 'n opvoeder ontvang is;

(ii) die verhaal van enige gedeelte van 'n toelae of salaris wat foutiewelik aan 'n opvoeder betaal is, of die staking of intrekking van enige ander voordeel wat foutiewelik toegeken is; en

(iii) die uitbetaling of toekenning van enige gedeelte van 'n toelae of salaris of van enige ander voordeel wat foutiewelik van 'n opvoeder weerhou is;

(b) (i) the advertising of posts;
(ii) the establishment, composition, powers, duties and functions of selection boards to recommend persons for appointment in, or officers for promotion or transfer to, posts;
(iii) the qualifications for appointment as, the term of office and the vacation of office of, members or temporary members of such a selection board, and the filling of casual vacancies in such a selection board;
(iv) the appointment of a chairperson or an acting chairperson of such a selection board; and
(v) the convening of, the procedure at, and the quorum for, meetings of such a selection board, and the manner in which resolutions shall be passed by such a selection board;

(c) the conditions of service of educators;
(d) any matter required or permitted to be prescribed by regulation under this Act; and
(e) in general, any matter which the Minister may consider necessary or expedient to prescribe or regulate in order to achieve the objects of this Act.

**Assignment of functions**

**36.** (1) The Minister may—
(a) delegate to the Director-General or any other person in the service of the Department of Education any power conferred upon the Minister by or under this Act, other than the power referred to in section 16(10), 25(3) or 35, on such conditions as the Minister may determine; or
(b) authorise the said Director-General or person to perform any duty assigned to the Minister by or under this Act.

(2) The Director-General may—
(a) delegate to any person in the service of the Department of Education any power conferred upon the Director-General by or under this Act, on such conditions as the Director-General may determine; or
(b) authorise the said person to perform any duty assigned to the Director-General by or under this Act.

(3) The Member of the Executive Council may—
(a) delegate to the Head of Department or any other person in the service of the provincial department of education any power conferred upon the Member of the Executive Council by or under this Act, other than the power referred to in section 16(10) or 25(3), on such conditions as the Member of the Executive Council may determine; or
(b) authorise the said Head of Department or person to perform any duty assigned to the Member of the Executive Council by or under this Act.

(4) The Head of Department may—
(a) delegate to any person in the service of the provincial department of education any power conferred upon the Head of Department by or under this Act, on such conditions as the Head of Department may determine; or
(b) authorise the said person to perform any duty assigned to the Head of Department by or under this Act.

**Repeal of Act promulgated under Proclamation 138 of 1994, and savings**

**37.** (1) Subject to the provisions of subsection (2), the Educators' Employment Act, 1994, is hereby repealed.

(2) Anything done under the said Act and which could be done under a provision of this Act, shall be deemed to have been done under that provision.

(3) Notwithstanding the repeal of the said Act, any inquiry into inefficiency and any proceedings in respect of a charge of misconduct instituted or commenced under the said Act shall be continued and concluded as if the said Act had not been repealed.

(4) Notwithstanding the repeal of the said Act, the regulations which were made under the said Act and were in force immediately before the commencement of this Act, and

(b) (i) die adverteer van poste;

(ii) die instelling, samestelling, bevoegdhede, pligte en werksaamhede van keurrade om persone vir aanstelling in, of opvoeders vir bevordering of oorplasing na, poste aan te beveel;

(iii) die kwalifikasies vir aanstelling as, die ampstermyn van, en die ontruiming van hul amp as, lede of tydelike lede van so 'n keurraad, en die vul van toevallige vakatures in so 'n keurraad;

(iv) die aanstelling van 'n voorsitter of 'n waarnemende voorsitter van so 'n keurraad; en

(v) die byeenroeping van, die prosedure by, en die kworum vir, vergaderings van so 'n keurraad, en die wyse waarop besluite deur so 'n keurraad geneem moet word;

(c) die diensvoorwaardes van opvoeders;

(d) 'n aangeleentheid wat kragtens hierdie Wet by regulasie voorgeskryf moet of kan word; en

(e) in die algemeen, 'n aangeleentheid wat die Minister nodig of dienstig ag om voor te skryf of te reël ten einde die oogmerke van hierdie Wet te verwesenlik.

**Opdrag van werksaamhede**

**36.** (1) Die Minister kan—

(a) aan die Direkteur-generaal of 'n ander persoon in die diens van die Departement van Onderwys 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan die Minister verleen, uitgesonderd die bevoegdheid in artikel 16(10), 25(3) of 35 bedoel, delegeer op die voorwaardes wat die Minister bepaal; of

(b) bedoelde Direkteur-generaal of persoon magtig om 'n plig by of kragtens hierdie Wet aan die Minister opgedra, te verrig.

(2) Die Direkteur-generaal kan—

(a) aan 'n persoon in die diens van die Departement van Onderwys 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan die Direkteur-generaal verleen, delegeer op die voorwaardes wat die Direkteur-generaal bepaal; of

(b) bedoelde persoon magtig om 'n plig by of kragtens hierdie Wet aan die Direkteur-generaal opgedra, te verrig.

(3) Die Lid van die Uitvoerende Raad kan—

(a) aan die Departementshoof of 'n ander persoon in die diens van die provinsiale departement van onderwys 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan die Lid van die Uitvoerende Raad verleen, uitgesonderd die bevoegdheid in artikel 16(10) of 25(3) bedoel, delegeer op die voorwaardes wat die Lid van die Uitvoerende Raad bepaal; of

(b) bedoelde Departementshoof of persoon magtig om 'n plig by of kragtens hierdie Wet aan die Lid van die Uitvoerende Raad opgedra, te verrig.

(4) Die Departementshoof kan—

(a) aan 'n persoon in die diens van die provinsiale departement van onderwys 'n bevoegdheid by of kragtens hierdie Wet aan die Departementshoof verleen, delegeer op die voorwaardes wat die Departementshoof bepaal; of

(b) bedoelde persoon magtig om 'n plig by of kragtens hierdie Wet aan die Departementshoof opgedra, te verrig.

**Herroeping van Wet afgekondig by Proklamasie 138 van 1994, en voorbehoud**

**37.** (1) Behoudens die bepalings van subartikel (2) word die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994, hierby herroep.

(2) Enigiets wat kragtens genoemde Wet gedoen is en wat kragtens 'n bepaling van hierdie Wet gedoen sou kon word, word geag kragtens daardie bepaling gedoen te gewees het.

(3) Ondanks die herroeping van genoemde Wet word enige ondersoek na onbekwaamheid en enige verrigtinge ten opsigte van 'n aanklag van wangedrag wat kragtens genoemde Wet ingestel of begin is, voortgesit en afgehandel asof genoemde Wet nie herroep was nie.

(4) Ondanks die herroeping van genoemde Wet bly die regulasies wat kragtens genoemde Wet uitgevaardig is en onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet van krag was, en wat nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie, van krag totdat dit

which are not inconsistent with this Act, shall continue in force until they are repealed, withdrawn or amended by regulations made under section 35 of this Act.

**Transitional arrangements in respect of certain colleges**

**38.** (1) In this section—

"college" means a college of education, technical college, youth college, community college, state-aided college, state college or other college which is wholly or partly funded by the State in respect of the salaries and other conditions of service of persons—

*(a)* holding posts on the establishment of that college which had been created under section 3(1) of the repealed Act; or

*(b)* employed additional to the said establishment under the repealed Act;

and

"the repealed Act" means the Educators' Employment Act, 1994 (promulgated under Proclamation No. 138 of 1994).

(2) In order to deal effectively with any matter relating to the employment of educators at any college until such time as that college is declared to be a higher education institution under the Higher Education Act, 1997 (Act No. 101 of 1997), or a further education and training institution under the Further Education and Training Act, 1998, as the case may be—

*(a)* any post on the establishment of that college which had been created immediately before the commencement of this Act by the Member of the Executive Council under section 3(1) of the repealed Act shall, notwithstanding the provisions of section 37(1), continue to exist and shall, for the purposes of this Act, be deemed to be a post created by the Member of the Executive Council under section 5(1)*(b)* and allocated to that college by the Head of Department under section 5(2);

*(b)* the establishment of that college consisting immediately before the commencement of this Act of posts which had been so created shall, notwithstanding the provisions of the said section 37(1), continue to exist and shall, for the purposes of this Act, be deemed to be an educator establishment of that college as contemplated in section 5(2);

*(c)* any person who, immediately before the commencement of this Act—

(i) was holding any post which had been so created shall, notwithstanding the provisions of the said section 37(1), continue to hold that post and shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been appointed in, or promoted or transferred to, the post concerned under Chapter 3, as the case may be;

(ii) was employed additional to that establishment under the repealed Act shall, notwithstanding the provisions of the said section 37(1), continue to be so employed and shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been so employed under this Act;

*(d)* the salary and other conditions of service applicable to that person immediately before the commencement of this Act shall, notwithstanding the provisions of the said section 37(1), continue to be applicable to that person and shall, for the purposes of this Act, be deemed to have been determined by the Minister under section 4 in respect of the person concerned,

and the provisions of this Act shall, with the necessary changes, apply in respect of that college, post, establishment, person, salary or conditions of service, and the Member of the Executive Council, the Head of Department and the Minister shall have all such powers, duties and functions assigned by or under this Act to them in relation to—

(i) a public school;

(ii) a post on the educator establishment of the said school;

(iii) the said educator establishment;

(iv) an educator holding the said post or employed additional to the said educator establishment; or

(v) the salary or other conditions of service of the said educator,

as are necessary to deal with any such matter: Provided that any inquiry into inefficiency and any proceedings in respect of a charge of misconduct instituted or commenced

deur regulasies uitgevaardig kragtens artikel 35 van hierdie Wet herroep, ingetrek of gewysig word.

**Oorgangsreëlings ten opsigte van sekere kolleges**

**38.** (1) In hierdie artikel beteken—

"die herroepe Wet" die Wet op Indiensneming van Opvoeders, 1994 (afgekondig by Proklamasie No. 138 van 1994); en

"kollege" 'n onderwyskollege, tegniese kollege, jeugkollege, gemeenskapskollege, staatsondersteunde kollege, staatskollege of ander kollege wat in die geheel of gedeeltelik deur die Staat gefinansieer word ten opsigte van die salarisse en ander diensvoorwaardes van persone—

*(a)* wat poste op die diensstaat van daardie kollege beklee wat kragtens artikel 3(1) van die herroepe Wet geskep was; of

*(b)* wat addisioneel tot genoemde diensstaat kragtens die herroepe Wet in diens is.

(2) Ten einde effektief te handel met 'n aangeleentheid met betrekking tot die indiensneming van opvoeders by 'n kollege tot tyd en wyl daardie kollege tot 'n inrigting vir hoër onderwys kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997 (Wet No. 101 van 1997), of 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding kragtens die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998, na gelang van die geval, verklaar word—

*(a)* bly 'n pos op die diensstaat van daardie kollege wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet kragtens artikel 3(1) van die herroepe Wet deur die Lid van die Uitvoerende Raad geskep was, ondanks die bepalings van artikel 37(1), voortbestaan en word daardie pos, by die toepassing van hierdie Wet, geag 'n pos te wees wat kragtens artikel 5(1)*(b)* deur die Lid van die Uitvoerende Raad geskep en kragtens artikel 5(2) deur die Departementshoof aan daardie kollege toegewys is;

*(b)* bly die diensstaat van daardie kollege wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet bestaan het uit poste wat aldus geskep was, ondanks die bepalings van genoemde artikel 37(1), voorbestaan en word daardie diensstaat, by die toepassing van hierdie Wet, geag 'n diensstaat van opvoeders van daardie kollege soos beoog in artikel 5(2) te wees;

*(c)* gaan 'n persoon wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet—

(i) 'n pos beklee het wat aldus geskep was, ondanks die bepalings van genoemde artikel 37(1), voort om daardie pos te beklee en word daardie persoon, by die toepassing van hierdie Wet, geag kragtens Hoofstuk 3 aangestel te gewees het in, of bevorder of oorgeplaas te gewees het na, die betrokke pos, na gelang van die geval;

(ii) addisioneel tot daardie diensstaat kragtens die herroepe Wet in diens was, ondanks die bepalings van genoemde artikel 37(1), voort om aldus in diens te wees en word daardie persoon, by die toepassing van hierdie Wet, geag kragtens hierdie Wet aldus in diens te gewees het;

*(d)* bly die salaris en ander diensvoorwaardes wat onmiddellik voor die inwerkingtreding van hierdie Wet op daardie persoon van toepassing was, ondanks die bepalings van genoemde artikel 37(1), op daardie persoon van toepassing en word daardie salaris en diensvoorwaardes, by die toepassing van hierdie Wet, geag kragtens artikel 4 deur die Minister ten opsigte van die betrokke persoon bepaal te gewees het,

en die bepalings van hierdie Wet is, met die nodige veranderinge, van toepassing ten opsigte van daardie kollege, pos, diensstaat, persoon, salaris of diensvoorwaardes, en die Lid van die Uitvoerende Raad, die Departementshoof en die Minister het al die bevoegdhede, pligte en werksaamhede wat aan hulle by of kragtens hierdie Wet opgedra is met betrekking tot—

(i) 'n openbare skool;

(ii) 'n pos op die diensstaat van opvoeders van bedoelde skool;

(iii) bedoelde diensstaat van opvoeders;

(iv) 'n opvoeder wat bedoelde pos beklee of wat addisioneel tot bedoelde diensstaat van opvoeders in diens is; of

(v) die salaris of ander diensvoorwaardes van bedoelde opvoeder,

en wat nodig is om met so 'n aangeleentheid te handel: Met dien verstande dat enige ondersoek na onbekwaamheid en enige verrigtinge ten opsigte van 'n aanklag van

against that person under the repealed Act shall be continued and concluded as if the said section 37(1) had not been enacted.

(3) *(a)* Subject to the provisions of this Act or the Labour Relations Act, a college may create posts additional to the establishment contemplated in subsection (2).

*(b)* The college shall be the employer of persons holding the said posts.

(4) The provisions of this section, other than the proviso to subsection (2), shall cease to apply to the college, post, establishment, person, salary or conditions of service concerned on the date on which that college is declared to be a higher education institution under the Higher Education Act, 1997, or a further education and training institution under the Further Education and Training Act, 1998, as the case may be.

**Short title**

**39.** This Act shall be called the Employment of Educators Act, 1998.

wangedrag wat teen daardie persoon kragtens die herroepe Wet ingestel of begin is, voortgesit en afgehandel word asof genoemde artikel 37(1) nie verorden was nie.

(3) *(a)* Behoudens die bepalings van hierdie Wet of die Wet op Arbeidsverhoudinge kan 'n kollege poste addisioneel tot die diensstaat beoog in subartikel (2) skep.

*(b)* Die kollege is die werkgewer van persone wat bedoelde poste beklee.

(4) Die bepalings van hierdie artikel, uitgesonderd die voorbehoudsbepaling by subartikel (2), hou op om ten opsigte van die betrokke kollege, pos, diensstaat, persoon, salaris of diensvoorwaardes van toepassing te wees op die datum waarop daardie kollege tot 'n inrigting vir hoër onderwys kragtens die Wet op Hoër Onderwys, 1997, of 'n inrigting vir verdere onderwys en opleiding kragtens die Wet op Verdere Onderwys en Opleiding, 1998, na gelang van die geval, verklaar word.

**Kort titel**

**39.** Hierdie Wet heet die Wet op die Indiensneming van Opvoeders, 1998.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—9000
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—9000